

A.3.2 VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE-ONTWIKKELING: *BEDIENING*

ALLE AANBEVELINGS MOET ASSEMBLIEF SAAM MET DIE TOEPASLIKE WERKS-DOKUMENT /BYLAE, SOOS AANGEDUI, GELEES WORD. DIT DIEN AS BELANGRIKE AGTERGROND VIR DIE AANBEVELINGS. HIERDIE VERSLAG BIED SLEGS OPSOMMENDE OPMERKINGS.

1. JEUGBEDIENING (JONK) (Vgl ADGO Bylaag 1)

1.1 Die taakspanne van die AJK (Algemene Jeugkommissie) is aanvanklik tot agt verminder wat selfstandig voorgegaan het. Dit het die volgende behels: familie-, kinder-, tieners-, naskoolse en studentebediening, jeugwerkers, kampe, Jeugfokus-webwerf en kategeese. Twee jeugindabas is gehou om jeugwerkers se behoeftes aan te spreek en prioriteite en behoeftes tov kategesemateriaal te bepaal.

1.2 Die Jeugbedieningsgroep het aan die einde van 2006 vergader en saamgesels oor die toekoms van die Jeugtaakspan wat intussen die naam “Jeugnet” gekry het. In Januarie 2007 is daar besluit op ’n nuwe naam, ’n nuwe struktuur en ’n nuwe span. Die noemnaam “Jeugnet” word vervang met die amptelike naam “Jonk” wat soos volg gedefinieer kan word: *“Jonk is die oorkoepelende naam van die NG Kerk op Algemene Sinodale vlak se netwerk vir die bevordering van jeugbediening. Alle persone, gemeentes of instansies wat inskakel by die netwerk, is dus deel van ‘Jonk’. ‘Jonk’ is dus vir almal wat jonk genoeg voel om jonk genoem te word”*. JONK word tans uit sinodale verteenwoordigers en projekteleiers saamgestel. Prioriteite word jaarliks bepaal en projekteleiers hiervoor gekies.

1.3 FOKUSAREAS:

1.3.1 Navorsing

1.3.1.1 Bepaal tendense onder die jeug

1.3.1.2 Ontwikkel, in samewerking met die vier Teologiese Fakulteite, jeugopleiding vir predikante reeds in die bediening

1.3.2 Netwerke

1.3.2.1 Skakeling met interkerklike jeugorganisasies

1.3.2.2 Reël elke twee jaar ’n algemene jeugwerkerskonferensie

1.3.3 Praktyk

1.3.3.1 Bepaal jaarliks sekere projekte nav tendense en navorsing.

1.4 AANBEVELINGS: JEUGBEDIENING (JONK)

1.4.1 Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die reglement van “JONK” en keur goed dat die werksaamhede soos beskryf, voortgaan as deel van ADGO se opdrag.

1.4.2 Die Algemene Sinode gee aan ATR opdrag om die nodige Kerkordelike wysigings aan te bring ten einde hierdie voorstelle met die Kerkorde te belyn.

1.4.3 Die Algemene Sinode keur goed dat “JONK” die Ned Geref Kerk amptelik mag verteenwoordig by jeugforums en – gespreksgroepe waarheen JONK genooi word. Dit word gedoen met kennisgewing aan die dagbestuur van ADGO en die kantoor van die Algemene Sinode.

1.5 WERKSAAMHEDE:

1.5.1 Berg-gesprek

Jeugwerkers en predikante uit alle kulture en denominasies kom byeen om oor jeugbediening te gesels en ontluikende tendense by die jeug te bespreek. Die beplanning van Jeugwerkwinkels spruit hieruit voort.

1.5.2 Jeugwerkers

Die pastorale versorging van jeugwerkers asook die uitklaat van jeugwerkers se diensverhoudinge word hanteer.

1.5.2.1 AANBEVELINGS: JEUGWERKERS

1.5.2.1.1 Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om in die aanstelling van Jeugbedienaars altyd die volhoubaarheid van die Jeugbediening in gedagte te hou en daarom nie Jeugbedienaars op eenjaar kontrakte aanstel nie, maar hulle sal beywer vir langtermynkontrakte.

1.5.2.1.2 Die Algemene Sinode moedig kerkrade aan om in die aanstelling van Jeugwerkers die amptelike opleidingskursus, nl. die driejarige B. Diak graad in Jeugwerk as eerste opsie te oorweeg.

1.5.2.1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die Jeugwerker met ’n B. Diak graad wat geregistreer is by die KJWV, ouderlingstatus op kerkrade geniet wat impliseer dat die Jeugwerker afvaardiging na meerdere vergaderings sal geniet.

1.5.2.1.4 Die Algemene Sinode gee aan JONK opdrag om saam met die ter sake kommissie

(oa AKTO, ATR, ATDV ens) die saak in diepte te ondersoek en die Algemene Sinode met 'n voorstel aangaande die opleiding en amptelike status van Jeugwerkers te bedien.

1.5.3 Familie-Bediening

1.5.3.1 Ouerbegeleiding

1.5.3.2 Appreciative Inquiry - Navorsingsprojek

1.5.3.3 Familie-eredienste

Stel weekliks familie-eredienste (in samewerking met die Seisoen van Luister), met uitgewerkte PowerPointaanbiedings op die webwerf beskikbaar by www.ngkerk.org.za/ of www.bmedia.co.za

1.5.4 Kategese

1.5.4.1 Die Taakspan Kategesebediening van ADGO moedig gemeentes ten sterkste aan om 'n gebalanseerde kategesesisteem in elke gemeente tot stand te bring. Hiermee kan die taakspan gemeentes en ringe bystaan deur middel van die nuwe pos Fasiliteerder Kategesebediening. Die sewe prioriteite wat die ruggraad van so 'n kategesesisteem vorm is die volgende:

1. 'n **Kategesesisteem** wat so aangepas is dat dit inpas binne die plaaslike gemeente- en gemeenskapsisteem.

2. Toegewyde en entoesiastiese **ouers** of families wat deur die gemeente ondersteun word in hulle geloofsonwikkelingstaak.

3. Kinders/katkisante wat hulle nuwe identiteit as ware dissipels leer ken, verstaan en uitleef waar hulle ook al is,

4. Gemotiveerde **kategete** wat binne verhoudings geloofsontwikkeling fasiliteer en optree as geestelike mentors.

5. Die **Bybel** staan sentraal in die geloofsontwikkeling en kinders word begelei om, beide goeie kennis van die heilshistoriese ontwikkeling op te doen en die vermoë te ontwikkel om die Bybel toe te pas in die lewe.

6. Helder prinsipiële **uitgangspunte** waarin die gereformeerde verstaan van die Bybel ononderhandelbaar sal wees, bv verbondgerigtheid, missionêre roeping, ens.

7. 'n **Databank** van goeie effektiewe materiaal wat beskikbaar is en 'n netwerk van steundienste en hulpmiddels wat die kategesesisteem ondersteun. Eers wanneer al hierdie bestanddele in elke gemeente saamwerk, kan effektiewe geloofsontwikkeling plaasvind.

Die taakgroep ontwikkel in noue samewerking met BM eietydse kategesemateriaal. Die NG Kerk-familie word is ook hierin betrek. Inligting rakende materiaal en hulpmiddels soos oa CD's ens is op die volgende webblad beskikbaar: <http://jeugfokus.org.za>

1.5.4.2 AANBEVELING: KATEGESE

Die Algemene Sinode moedig gemeentes ten sterkste aan om 'n gebalanseerde kategesesisteem in elke gemeente tot stand te bring.

1.5.5 Struwig Trust

1.5.5.1 Die Struwig Eko-reservaat (op die walle van die Olifantsrivier langs die Krugerwildtuin naby Phalaborwa) is 'n testamentêre nalatenskap vir die kerkjeug. Hierdie unieke terrein is beskikbaar vir enige kerklike groep wat 'n onvergelyklike natuurervaring wil beleef. Die tariewe vir NG Kerkgroepe is baie laag, eintlik amper verniet in vergelyking met soortgelyke reservate in Groot Vyf-gebiede. Dis ook vir privaat gebruikers beskikbaar, ook teen baie billik tariewe. Vir meer inligting besoek: www.struwig.co.za of kontak die bestuurder by: (015) 769 6057 (t) (015) 769 6169(f)

1.5.5.2 AANBEVELING : STRUWIG TRUST

Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om die Struwigplaas sover moontlik optimaal vir jeuggroepe te benut.

1.5.6 Onderwys en Opleiding

Hierdie taakgroep se taak was veral om die samewerking met die openbare onderwysstelsel te ontwikkel en te sorg dat godsdiensonderrig in staatskole steeds moontlik bly. Onderwysbeurse is jaarliks deur ADGO toegeken om christen jongmense aan te moedig om onderwys as loopbaan te oorweeg.

1.5.7 Studente en naskoolse jeug

Jaarliks word 'n studenteleraars- en studenteleierskonferensie aangebied.

1.5.8 Werkswinkels

Die reël van winterskole of seminare vir opleiding en toerusting vir jeugbedienaars en -werkers in samewerking met die vier Teologiese Fakulteite.

1.5.9 Jeugfokus :

Die webblad stel bruikbare materiaal vir Jeugwerkers en – bedienaars beskikbaar. Die taakspan is in die proses om die blad verder te ontwikkel om sodoende 'n beter diens aan gemeentes te lewer. Tans is daar vanaf die Algemene Sinode se webblad 'n "link" na jeugfokus. Adres : www.jeugfokus.org.za

2. LIDMAATBEMAGTIGING

(Vgl ADGO Bylaag 2)

2.1 WERKSAAMHEDE

2.1.1 Die taakspan formuleer 'n teologies gefundeerde strategie rondom lidmaatbemagtiging.

2.1.2 Evalueer die KO mbt artikels wat die bemagtiging van lidmate belemmer.

2.1.3 Bewusmaking van die benutting van lidmate se gawes is deur brosjures, die Kerkbode en die webwerf gedoen.

2.1.4 'n DVD en CD pakket is in samewerking met Bybel-Media ontwikkel wat as hulpmiddel vir gemeentes gebruik kan word. Hier word riglyne gegee tov:

2.1.4.1 Die proses vir die implementering/vernuwing van 'n lidmaatbemagtigingsprogram

2.1.4.2 Riglyne tov die keuse van materiaal/programme.

2.1.4.3 'n DVD met preke en suksesstories van gemeentes rakende lidmaatbemagtiging

2.1.4.4 Inspireerende "rimpels" (clips) wat energieer en inspireer.

Die noodsaak van voortdurende lidmaattoerusting word weereens beklemtoon.

2.2 AANBEVELINGS: LIDMAATBEMAGTIGING

2.2.1 Die Algemene Sinode bevestig opnuut die dringende noodsaak dat elke gemeente sy lidmate voortdurend sal toerus en mobiliseer vir hulle dienswerk buite en binne die gemeente.

2.2.2 Die Algemene Sinode keur goed dat 'n taakspan van ADGO met ATR in gesprek tree oor alle Kerkordelike bepalinge wat op een of ander wyse lidmate van die NG Kerk mag *ontmagtig* vir die dienswerk waartoe God hulle geroep het.

3. PREDIKANTEBEDIENING

(Vgl ADGO Bylaag 3)

3.1 Die taakspan fokus op leierskapontwikkeling, gekoppel aan die mentorprogram. Materiaal word tans ontwikkel vir die vestiging van plaaslike versorgingskommissies in elke gemeente wat na die welsyn van predikante en hulle gesinne omsien. Standplaasverwisseling as meganisme vir mobiliteit behoort steeds beter benut en ontwikkel te word. Dringende aandag sal gegee moet word aan die projeksies vir die behoefte en beskikbaarheid van genoeg predikante in die kerk. Predikantebegeleiding binne 'n herenigde kerk bied nuwe uitdagings en sal aandag moet kry.

3.2 Aangesien die Bedieningsvreugdemodel die uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir predikantebediening is, en ook dinamies is, word dit uitgebrei en verder verfyn met die byvoeging van brugpastors as nuwe element.

3.3 AANBEVELING: PREDIKANTEBEDIENING

Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die werk wat gedoen is ten einde die Bedieningsvreugdemodel te konkretiseer en te implementeer.

4. TAAKSPAN VIR VROUELIDMATE

(Vgl ADGO Bylaag 4)

4.1. Die Taakspan Vrouelidmate skakel gereeld ekumenies met die NG Kerkfamilie, asook ander denominasies. Goeie verhoudinge is opgebou wat verder uitgebou sal word.

4.2 Wetenskaplike navorsing is in al tien sinodes gedoen om die geestelike behoeftes van Vrouelidmate te bepaal. (Sien laatstuk)

4.3 Toerustingsmateriaal word in samewerking met BM ontwikkel.

4.4 Die vestiging van een punt waarheen belange, verteenwoordiging na ander groepe en alle navrae rakende vroue verwys kan word, is krities vir effektiewe funksionering.

4.5 Aangesien die algemene terminologie vir vrouegroepe se kantore "Women's desk" is, sal dit baie verwarring uitskakel indien die taakspan as die "Vrouelessenaar" bekend kan staan. Binne die Afrika-konteks werk ons meestal met Engels as voertaal en die "Women's Desk" is aan almal bekend.

4.6 Die Taakspan is op die hoogte van vrouebeleid en werksaamhede, en in voeling met vroue op grondvlak. Die Taakspan sou dus die vroue in die Ned Geref kerk kan verteenwoordig.

4.7 AANBEVELINGS: VROUELIDMATE

4.7.1 Daar word aanbeveel dat die huidige Taakspan vir Vrouelidmate voortaan bekend sal staan as die Vrouelessenaar.

4.7.2 Die Algemene Sinode keur goed dat die die Vrouelessenaar soos uiteengesit funksioneer.

4.7.3 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar die doelwitte en funksies soos uiteengesit, uitvoer.

4.7.4 Die Algemene Sinode versoek die Vrouelessenaar om 'n algemene beleid ten opsigte van vroue in die kerk op te stel vir voorlegging aan die Algemene Sinode.

4.7.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die Vrouelessenaar die Ned Geref Kerk op ekumeniese – sowel as ander vroueforums verteenwoordig.

5. KONSOLIDERING VAN BESLUIE INSAKE DOOP, KATEGESE EN NAGMAAL (Vgl ADGO Bylaag 5)

5.1 Die Algemene Sinode het in 2002 opdrag aan die destydse AJK gegee om in oorleg met die ATR besluite wat by verskillende Algemene Sinodes rakende doopbediening, doopkategeese, kategeese en belydenisaflegging geneem is, tot een stel besluite te konsolideer vir opname in 'n verslag aan die volgende Algemene Sinode. Daar is egter 'n hele aantal besluite wat nie meer in lyn is met die bedieningspraktyk wat tans formeel en informeel in die NG Kerk toegepas word nie. Die Algemene Sinode word dus versoek om genoemde opdrag soos volg te wysig:

5.2 AANBEVELING: KONSOLIDERING VAN BESLUIE INSAKE DOOP, KATEGESE EN NAGMAAL
Die Algemene Sinode gee aan ADGO opdrag om 'n eenvoudige en helder beleid aangaande doop, kindernagmaal en kategeese saam te stel wat beide ons tradisie en die praktiese bedieningskonteks van ons dag in ag sal neem.

6. HUWELIKSBEVESTIGERS (Vgl ADGO Bylaag 6)

6.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode het die AKE versoek om die volgende vergadering van die Algemene Sinode te dien met 'n kort verslag oor die betekenis van 'n kerklike huweliksbevestiging en oor die vereistes wat daar gestel word aan die predikant as kerklike huweliksbevestiger en die toesighoudende funksie van die ampte – indien enige – wanneer 'n huwelik in die kerk/nie in die kerk bevestig word nie.

6.2 AANBEVELINGS: HUWELIKSBEVESTIGERS

6.2.1 Die Sinode besluit dat die huweliksdienste nie 'n gewone samekoms van die gemeente (erediens) onder leiding van die ampte is nie. Die persone by 'n huweliksluiting kom nie as gemeente van God met die oog op 'n openbare erediens saam nie.

6.2.2 Die Sinode besluit dat die leraar as individuele lerende ouderling pastoraal optree by die huweliksbevestiging en dat die toesig van die ander ampte nie noodsaaklik is nie.

6.2.3 Die Sinode beklemtoon dat die Bybelse eise met betrekking tot die huwelik suiwer moet weerklink met die huweliksvoorbereiding, -bevestiging en begeleiding binne die dampkring van die kerk as gemeenskap van die gelowiges. Gesien teen hierdie agtergrond kan die huwelik van belydende lidmate van 'n gemeente nie maar bloot deur enige persoon wat staatsregtelik daartoe bevoeg is, bevestig word nie. Dit bly die taak van die bevoegde bedienaar van die Woord.

6.2.4 Die Sinode besluit dat verdere ondersoek gedoen word oor 'n kerklike huweliksinseëning (geestelike ooreenkoms) as genoegsame verbintenis vir gelowiges om saam te woon en of die staat se wetlike ooreenkoms noodsaaklik is (Gesien teen die agtergrond van byvoorbeeld bejaardes wat verplig word om saam te woon omdat mediese en pensioenvoordele in 'n volgende staatsregtelike huwelik verbeur word).

7. KLEIN GEMEENTES (Vgl ADGO Bylaag 7)

7.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode het dit aan die AKG opgedra om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien. Die Sinode word versoek om die opdrag te herhaal.

7.2 AANBEVELING: KLEIN GEMEENTES

Die Algemene Sinode beveel aan dat die saak van klein gemeentes verwys word na die ADGO en GDN om die nodige navorsing te doen en met behulp van sinodale gebiede waar baie klein gemeentes voorkom, te werk aan prosesse en bedieningsvoorstelle wat klein gemeentes op 'n konkrete wyse kan help. Die NG Kerk-familie moet so ver moontlik ook hierby betrek word.

8. KERKLIKE TUG (Vgl ADGO Bylaag 8)

8.1 OPDRAG

Tydens die 2004 sinode is die volgende opdrag gegee: (sien ook C.12.2:1.14) (Bylae 3) "Die Sinode gee opdrag aan AKG en ATR om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n

eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.” Weens gebrek aan kapasiteit was dit nie moontlik om die ondersoek tydens die reses af te handel nie.

8.2 AANBEVELING: KERKLIKE TUG

Die Algemene Sinode keur goed dat die opdrag herhaal word

9. INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

(Vgl ADGO Bylaag 9)

9.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode verwys die hele saak van “Inskakeling oor Gemeentegrense” en “Kerklidmaatskap” ook na ADGO (sameroeper) en ADO: Taakspan Regte vir deeglike studie oor die implikasies daarvan – veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake – met verslag aan die volgende Algemene Sinode. (2) Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Sinode in die lig van Art. 10 van die Kerkorde (1998) en die NGB Art. 16, word die hele verslag van die Ad Hoc-kommissie vir Kerklidmaatskap (AS 2002, p 306-311, § 2.6) na die ADO: Taakspan Regte verwys om opnuut te kyk na al die aanbevelings. (3) Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met: (a) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref. (b) Die Taakspan Regte kry opdrag om die riglyne te integreer en in die Kerkorde op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

9.2 AANBEVELINGS: INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

9.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die werkdokument

9.2.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om aan ADGO en ATR te rapporteer oor welke reëlings tans in die onderskeie sinodes geld rakende die inskakeling van lidmate oor gemeentegrense

9.2.3 Die Algemene Sinode versoek ADGO/ATR om 'n eenvormige beleid rakende die saak te formuleer wat voor die volgende sinode kan dien.

10. AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE

(Vgl ADGO Bylaag 10)

10.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge om ondersoek in te stel na die verskynsel wat in gemeenskappe voorkom dat lidmate van NG gemeentes bedieningstyle in ander kerke aantreklik vind.

10.2 AANBEVELINGS: AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE

10.2.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die dokument.

10.2.2 Die Algemene Sinode onderskryf die feit dat die hantering van komplekse verskynsels nie lê in die daarstel van bloudrukke en rigiede modelle nie, maar juis in die herontdekking van ons teologiese identiteit, asook volwasse en Geesvervulde leierskap wat met wysheid geseën is.

10.2.3 Die Algemene Sinode vra hiermee egter ook dat gemeentes sal waak daarteen dat 'n verbruikersmentaliteit nie aanbiddingsstyle sal bepaal nie.

11. GEMEENTEDIENSTE NETWERK (GDN)

(Vgl Bylaag 11)

11.1 GDN het aanvanklik as steundiens van ADGO funksioneer. Nadat 'n Koördineringsliggaam geskep is wat bestaan uit al die dagbesture van die diensgroepe van die Algemene Sinode bestaan (ADGO, ADD, ASM en Steundienste), is GDN as taakspan van dié liggaam hersaamgestel. GDN kry nou ook opdragte van dié liggaam om sake wat uit dié vergadering voortspruit, te netwerk. GDN staan dus onder gesag van die Koördineringsliggaam in die uitvoering van Kerkorde Artikel 43.2.2 (“die behartiging van sake waar eenvormigheid en/of samewerking vir die hele kerkverband noodsaaklik is”). Die kantoorfunksie skuif na die Algemene Sinodale kantoor. Vir 'n oorgangstydperk sal die webtuiste nog deur die skriba behartig word. Hy sal ook as redakteur bly optree vir Kruisgewys wanneer dit weer verskyn.

11.2 GDN sal in die toekoms veral fokus op forums en produkontwikkeling. Om dit te doen, bring GDN intersinodaal mense bymekaar wat werk in gemeentes. Al die instansies wat dienste lewer aan gemeentes, insluitende sinodes, die diensgroepe van die Algemene Sinode, buro's vir voortgesette teologiese opleiding en ander instansies wat met gemeentes werk, sal dus deel vorm van GDN. GDN se oorhoofse opdrag is om te bemagtig (Fasilitering), navorsing te doen (Navorsing) en produkte te ontwikkel (Bronne).

11.3 AANBEVELINGS : REGLEMENT GDN

Vgl A.6.2 Reglement GDN

12. VERANTWOORDELIKE VERNUWING KONFERENSIES

12.1 Verantwoordelike Vernuwingskonferensie wat gerig is op die toerusting van gemeenteleiers is in Windhoek, Port Elizabeth, Bloemfontein, Pretoria en Kaapstad aangebied. ADGO ondersteun die konferensies logisties en is ook met die beplanning daarvan betrokke.

12.2 In 2007 word die volgende konferensies aangebied:

12.2.1 Lenteskool UP : 18- 20 September 2007 - Tema: Kerkwees vandag.

12.2.2 Verantwoordelike vernuwung -Bloemfontein 5-6 September

GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 1

“JONK”

1. AGTERGROND

Met die herstrukturering van die kommissies van die Algemene Sinode tot 4 diensgroepe, is die werksaamhede van die AJK (Algemene Jeugkommissie) ingevoeg in die ADGO. Om die doelwit van groter harmonisering te bereik, is die taakgroepe van die AJK aangepas. Agt kommissies het voortgegaan as selfstandige taakgroepe van die ADGO en ander se werk is oorgedra na ander taakgroepe. Die volgende taakgroepe het selfstandig voortgegaan:

1.1 KATEGESE

Die hoofdoel was ontwikkeling van die kategesestelsel as geheel, en om gemeentes te bedien met kundigheid en hulpmiddels (soos kurrikulum, boeke). Hier is direk saamgewerk met die TKM (Taakgroep Kerklike Media). Die bestaande reeks hulpmiddels word nou bemark en versprei deur TKM nadat Jeugfokus as bedryfseenheid in die kerkmediastruktuur opgeneem is. Die bedryfswins uit verkoop van die kategeseboekereeks word tans opgeneem in die hele kerkmediabedryf, maar die ontwikkeling van nuwe kategesemateriaal word steeds hieruit gefinansier. Hieroor word apart verslag gedoen.

1.2 ONDERWYS EN OPLEIDING

Hierdie taakgroep se taak was veral om die samewerking met die openbare onderwysstelsel te ontwikkel en te sorg dat godsdiensonderrig in staatskole steeds moontlik bly. Hier het dr Gustav Claassen groot werk gedoen. Daar is bv in die dienstyd van die vorige minister van onderwys geslaag om die moontlike verbod op godsdiensbeoefening tydens skoolure te verhoed. Hiervoor is die samewerking van 'n groot groep ander Christelike kerke in SA verkry.

1.3 FAMILIE-TAAKGROEP

Die navorsingsprojek om effektiewe familiegemeentes te vestig is afgehandel. Daar word weekliks hulpmiddels vir familie-eredienste op die web gepubliseer, eksegetiese en preekriglyne asook visuele hulpmiddels, bv Powerpoint.

1.4 KINDER-TAAKGROEP

Die groep het veral gefokus op die koördinering van verskillende rolspelers wat die kerk met materiaal en vaardigheid in kinderwerk ondersteun.

1.5 TIENER-TAAKGROEP

Hier is veral gewerk aan die ontwikkeling van 'n metode om gemeentes te help om tieners beter te bedien deur beter na die tieners self te luister.

1.6 18+ TAAKGROEP

('n samevoeging van die studente en naskoolse bediening). Hierdie groep het in samewerking met die tienergroep jeugleraars begin saamtrek om 'n netwerk van kundigheid in jeugwerk asook 'n ondersteuningstelsel vir jeugleraars te ontwikkel.

1.7 JEUGWERKERS

Hierdie professionele beroep is gevestig deur die kerk met opleiding by Hugenote Kollege. Die jeugwerkerstaakgroep voorsien steun aan die jeugwerkers self, bv met 'n jaarlikse kamp. Hul verleen hulp aan gemeentes en jeugwerkers self met posomsrywings, aanbevole salarisskale, ens.

1.8 Die volgende bedieninge is by ander diensgroepe ingeskakel: missionêre, musiek-, IT-, kamp-bedieninge.

2. JEUGINDABAS

Tydens 2006 is twee Jeugindabas gehou in die noorde en die suide met die doel om van gemeentes en jeugwerkers op grondvlak behoeftes te hoor en prioriteite te bepaal, veral gerig op kategese. Ons het ontdek dat jeugwerk 'n geheel is waar 'n klomp basiese dinge moet saamwerk om jongmense te help glo. Kategese benodig meer as net oulike programme en boeke. Dit benodig toegewyde ouers, passiewolle kategete, helder beginsels, praktykgerigte aanbiedings, die Bybel wat sentraal staan, ens - alles saamgevoeg in 'n gebalanseerde kategesesisteam in elke gemeente. Eers wanneer al die bestanddele in elke gemeente saamwerk, sal daar goeie resultate wees. Dit het veral duidelik geword dat die mense in jeugwerk en die kategese belangriker is as die materiaal. Die mense is die toegewyde ouers, en die kategete wat kinders so lief het dat hulle rolmodelle en vertroulinge vir die kinders word. Die 7 komponente vir 'n omvattende kategesestelsel wat hieruit geblyk het, is die basis van die nuwe kategesesisteam.

3. BEGROTING

Die begroting vir spesifiek jeuggerigte projekte is baie verminder met die herstrukturering in 2004, maar jeugwerkprojekte kon steeds per ooreenkoms 45% van die opbrengs van die vorige AJK-

beleggingsportefeulje benut. Toekennings aan sekere jeugprojekte is dus verminder of beëindig (bv. middestadsbediening, SJK's, jeugsendingprojekte, onderwysbeurse, ens)

4. WEBWERF

Die webwerf www.jeugfokus.co.za word voortgesit, veral omdat die besoekerstal deurlopend steeds styg en dit dus 'n gevestigde besoekadres vir baie jeugwerkers geword het. Ook die maandelikse E-Nuus-tydskrif het voortgegaan onder redaksie van Johan van As. Die webwerf word tans omvattend hernu en nuut ontwerp.

5. STRUWIG EKO-RESERVAAT

Die Struwig Eko-reservaat (op die walle van die Olifantsrivier langs die Krugerwildtuin naby Phalaborwa) is 'n testamentêre nalatenskap vir die kerkjeug. Dit word steeds bestuur in samewerking met die ander instansies aan wie dit gesamentlik nagelaat is (Voortrekkers en Junior Rapportyrs). Na langdurige onderhandelings met 'n vierde vennoot (wat jare gelede die twee ander oorspronklike mede-eienaars, Volksangbeweging en FAK, uitgekoop het), is 'n skikking bereik wat meer beweegruimte gee om dit vir ons jeugorganisasies se eie behoeftes te benut. Hierdie unieke terrein is beskikbaar vir enige kerklike groep wat 'n onvergelyklike natuurervaring wil beleef. Die tariewe vir NG kerkgroepe is baie laag, eintlik amper verniet in vergelyking met soortgelyke reservate in Groot Vyf-gebiede. Dis ook vir privaat gebruikers beskikbaar, ook teen baie billik tariewe. Vir meer inligting besoek: www.struwig.co.za of kontak die bestuurder by: (015) 769 6057 (t) (015) 769 6169(f)

6. VOLTYDSE POS IN DIE KANTOOR

Dr Louis Dressel het na die herstrukturering voortgegaan om die ADGO as geheel te dien as PSD (Predikant Sinodale Diens). Hy het in Maart 2006 afgetree na 25 jaar diens vir die Algemene Sinode. Ons kerk is hom baie dank verskuldig vir noukeurige en omvangryke diens oor baie jare. Hy het die kerk op wye gebied gedien en vele nuwe fases in kerklike werksaamhede help ontwerp en daarby aangepas. Naas jeugwerk was hy onder andere intens betrokke by die ontwikkeling van die Liedboek. Op 13 Feb 2006 is daar amptelik van hom afskeid geneem met 'n onthaal by die nuwe Klipkerkkompleks wat hy help vestig het. Na 'n oorgangstydperk van 'n jaar, is Rinel Hugo sedert 1 Maart 2007 voltyds in diens om bestuurstun te verleen vir die verskeidenheid van ADGO werksaamhede en taakgroepe

7. HERSTRUKTURERING VAN JEUGBEDIENINGE

7.1 Aan die einde van 2006 het die ADGO DB besluit om al die AJK-bedieninge asook verteenwoordigers uit al die sinodes, saam te laat praat oor die toekoms van die ADGO Jeug-taakspan wat intussen die noemnaam "Jeugnet" gekry het.

7.2 Die groep van meer as 30 afgevaardigdes het in November 2006 vergader waar oor 'n nuwe rigting vir die ADGO Jeug-taakspan besin is.

Waarheen presies en hoe dit moes lyk, kon die grootgroep nie konsensus oor kry nie.

7.3 Die nuutverkose dagbestuur, by name Zander van der Westhuizen, Christo Louw, Eugene Malan en Gielie Loubser, het die opdrag gekry om onder leiding van Gielie Loubser, tesame met Alex Clarke, Jan de Man en Johan Avenant, te gaan werk aan 'n nuwe struktuur.

7.4 In Januarie 2007 is daar besluit op 'n nuwe naam, 'n nuwe struktuur en 'n nuwe span.

7.5 Die noemnaam "Jeugnet" word vervang met die amptelike naam "Jonk" wat soos volg gedefinieer kan word: *"Jonk is die oorkoepelende naam van die NG Kerk op Algemene Sinodale vlak se netwerk vir die bevordering van jeugbediening. Alle persone, gemeentes of instansies wat inskakel by die netwerk, is dus deel van 'Jonk'. 'Jonk' is dus vir almal wat jonk genoeg voel om jonk genoem te word"*.

8. REGLEMENT

8.1 Benaming

8.1.1 Die naam van die oorkoepelende netwerk is "Jonk".

8.2 Samestelling

8.2.1 *Jonk* is die bes-verteenwoordigende netwerk van mense, in die eerste plek van die jeug van die NG Kerk en in die tweede plek van die jeug van Suidelike-Afrika.

8.2.2 *Jonk* word georganiseer by wyse van 'n Taakspan van maksimum 25 lede wat bestaan uit:

1. Vier dagbestuurslede.
2. Tien persone uit die verskillende sinodale streke. (Waar streke oordeel dat hulle reeds effektiewe verteenwoordiging via ander lede geniet, moet daar nie ekstra persone aangewys word nie.)
3. Die projekte van die aantal projekte wat *Jonk* identifiseer.
4. Spesifieke persone wat 'n invloed het in spesifieke gedeeltes of bedienings.
5. Spesifieke persone wat die diversiteit van *Jonk* verhoog.

8.3 Funksionering

8.3.1 Die *Jonk*-Taakspan funksioneer as 'n subkommissie van die ADGO.

8.3.2 Die *Jonk* Taakspan vergader jaarliks en word vir 'n twee jaar termyn verkies.

8.3.3 Die nuutverkose *Jonk* Taakspan verkies 'n dagbestuur asook 'n voorsitter wat dien op die ADGO.

8.3.4 Die *Jonk* DB vergader soos nodig en word vir 'n twee jaar termyn verkies.

8.4 Waardes

8.4.1 Die volgende sewe waardes is vir *Jonk* bepaal:

1. Vertroue – *Jonk* en sy kommissie moet altyd 'n groepering wees wat by almal vertroue skep. Dit kan aanvanklik bereik word deur daarop te fokus om diensbaar te wees asook mense en kommissies te versorg en te bemagtig/ toe te rus.

2. Inklusiwiteit – *Jonk* wil altyd inklusief te werk gaan en verstaan dat hierdie waarde 'n werklikheid sal wees as daar sinergie tussen *Jonk* en die ander Diensgroepe van die Algemene Sinode sal wees, maar ook as *Jonk* sal bly fokus op die bou van verhoudings en netwerke met alle instansies en kommissies wat die jeug van Suidelike-Afrika Evangelies-Christelik bedien.

3. Diversiteit – *Jonk* verstaan dat die beste en veiligste bediening aan die jeug van Suidelike Afrika 'n diverse bediening is en streef daarna om diversiteit op alle vlakke sover moontlik uit te brei.

4. "Less is More" – *Jonk* glo in die beginsel van "less is more" en wil in die toekoms gefokus werk op een of twee inisiatiewe om 'n groter impak te maak.

5. Beïnvloed/ bemagtig – *Jonk* besef dat al haar bedrywighede gerig moet wees om die jeug van Suidelike Afrika te beïnvloed en te bemagtig en mag daarom nooit net ter wille van haarself bestaan nie.

6. Roeping – *Jonk* wil baie graag in die wil van die Here bly en wil daarom alles wat ons doen vanuit 'n roepingsbewustheid doen wat noodwendig Bybels gefundeerd en kontekstueel relevant sal wees. *Jonk* besef ook dat alles daarom altyd 'n missionêre karakter sal hê.

7. Kontinuiteit asook rotasie – *Jonk* wil graag uit mense bestaan wat altyd relevant en eietyds is, maar besef ook ter wille van goeie funksionering moet daar altyd kontinuiteit wees.

8.5 Struktuur

8.5.1 *Jonk* word nie 'n struktuur nie, maar eerder 'n sisteem/organisering genoem.

Die sisteem/organisering sien soos volg daar uit:

8.5.1 *Jonk* organiseer haarself deur drie afdelings:

1. Navorsing/ denke en beplanning.

2. Netwerke.

3. Praktyk: projekte en werkswinkels.

9. FOKUSAREAS

Die volgende fokusarea's is deur *Jonk* as prioriteite vir die nabye toekoms bepaal:

9.1 NAVORSING/ DENKE

9.1.1 Onder hierdie afdeling sien *Jonk* die *Jonk*-taakspan wat sekere tendense moet bepaal en op fokusse moet besluit, beïnvloeding moet veroorsaak en mense moet energieer;

9.1.2 Jeug-VBO's met dieselfde landsweye standaard in samewerking met die vier Teologiese Fakulteite met Jeugdepartemente, moet saamstel en verseker.

9.2 NETWERKE

9.2.1 Die DB wil graag goeie betrekkings met interkerklike jeugorganisasies en komitees hê en die Dagbestuur besluit om eers met die NG Kerk-familie se jeugorganisasies en komitees kontak te maak om sodoende net vriende te word.

9.2.2 Die DB wil graag beter verhoudings bou met die amptelike jeugstrukture van sinodes en gee aan elke DB-lid sekere sinodes vir wie hulle verantwoordelik is.

9.3 PRAKTYK

9.3.1 Projekte

Die DB het die bestaande projekte van Jeugnet geëvalueer en die volgende projekte vir 2007 goedgekeur:

1. **Berg-gesprek:** die opdrag om die Nevenberggesprek te laat voortgaan met die moontlikheid om 'n meer ekumeniese karakter daaraan te gee. Die uitkoms is om by dié groep jeugbedienaars tendense agter te kom wat dalk as moontlike rigtingwysers vir die groot jeugsaaamtrekke kan dien.

2. **Jeugwerkers:** die opdrag om die Jeugwerkersvereniging verder te lei sodat jeugwerkers versorg kan word, asook die amptelike onderhandelings oor sake soos pligtestate, salarisskale asook professionele status, kan voortgaan.

3. **Familie:** die opdrag om die projek van die *Appreciative Inquiry* af te handel en dan die Familie-projek te rig om meer aandag te gee aan ouer-begeleiding.

4. **Familie-Erediens PowerPoint®:** die opdrag om die Familie PP-projek te laat voortgaan en elke Maandag op die internet preekhulp te voorsien wat inter-ouderdom erediens sal bevorder.

5. **Webwerf:** die opdrag om 'n tuiste vir *Jonk* te wees op die internet.

6. **Onderwys:** die opdrag om verder die kerk te verteenwoordig op die regeringskommissies en byeenkomste soos hy in die afgelope jare gedoen het.

7. **Studente:** die opdrag om die studentebediening te organiseer wat moontlik kan behels die studenteleraarskonferensie, die studenteleierskonferensie, asook finansiële hulp aan studente gemeentes.

9.3.2 Werkswinkels

Die DB sien die nood raak in verdere opleiding en toerusting vir jeug bedienaars en besluit om verder te werk aan moontlike geleenthede soos winterskole of seminare. As dit in samewerking met die vier Teologiese Fakulteite gereël kan word, sal dit die beste wees.

10. DIE KERKLIKE JEUGWERKERSVERENIGING (KJWV)

10.1 VOLHOUBAARHEID VAN 'N JEUGBEDIENING

JONK het met kommer kennis geneem van die verslag van die Kerklike Jeugwerkersvereniging wat die tendens uitwys waar sommige gemeentes studente en persone met onvoldoende opleiding in amptelike jeugwerkposte aanstel. Wat verder kommerwekkend is, is dat die poste gewoonlik van jaar tot jaar hernu word met die kans dat daar jaarliks nuwe kandidate in die poste aangestel word. Dit werk baie negatief in op gemeentes se jeugbedienings wat sterk op vertroue gebou word, veral die pastorale aspek van die bediening. In die lig daarvan beveel JONK die volgende aan:

10.2 JEUGWERKERSTATUS

JONK het in 'n ondersoek agtergekom dat die jeugwerker geen amptelike kerkordelike status op kerkvergaderings geniet nie. Daar is tans 'n volledige proses aan die gang oor die status van jeugwerkers, maar wat weens verskeie faktore nog lank kan duur. As 'n interimreëling beveel die JONK die volgende aan:

10.3 JEUGWERKOPLEIDING

JONK het met dank kennis geneem van 'n baie verteenwoordigende vergadering wat oor die toekoms van die kursus in Jeugwerk besin het. By hierdie vergadering was die volgende instansies teenwoordig: Die SCO van die VGK- Kaapland en die SJK van Wes en- Suid Kaap asook die Dept Praktiese Teologie van die US, die Departement Jeugwerk by Hugenote Kollege asook die jeugorganisasies, nl. die Jeugbrigade, die CYM en die KJWV. Tydens hierdie vergadering is daar 'n konsensusdokument opgestel wat aan AKTO asook die Kuratoriums van die VG Kerk en die NG Kerk van Kaapland voorgelê is.

In hierdie verslag gaan daar 'n baie sterk stem op oor die status van eugwerkers in die kerke en dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n ander benaming vir die afgestudeerde met 'n B. Diak-graad in jeugwerk. JONK het ook kennis geneem van die versoek om die opleiding van jeugwerkers en predikante baie nader aan mekaar te bring en dat basiese vaardighede in die grondtale deel van die kursus moet uitmaak. Die moontlikheid om die kursus met 'n jaar te verleng word ook voorgestel met 'n 3 jaar basiese opleiding saam met Teologie-studente en 'n vierdejaar spesialisopleiding in Jeugwerk.

In die lig van die tekort aan Jeugwerkers in die veld en die aantal jeugwerkers wat die beroep verlaat weens swak professie-ondersteuning deur die kerk asook die ongewenste situasie dat die jeugwerkers nie amptelike professionele status in die kerk geniet nie, maak Jonk bepaalde aanbevelings:

BYLAAG A TAAKSPAN KATEGESE

Die Taakspan Kategesebediening van ADGO moedig gemeentes ten sterkste aan om 'n gebalanseerde kategesesisteem in elke gemeente tot stand te bring. Hiermee kan die taakspan gemeentes en ringe bystaan deur middel van die nuwe pos Fasiliteerder Kategesebediening. Die sewe prioriteite wat die ruggraad van so 'n kategesesisteem vorm is die volgende:

- 1.'n **Kategesesisteem** wat so aangepas is dat dit inpas binne die plaaslike gemeente- en gemeenskapsisteem.
2. Toegewyde en entoesiastiese **Ouers** of families wat deur die gemeente ondersteun word in hulle geloofsonwikkelingstaak.
3. **Kinders/katkisante** wat hulle nuwe identiteit as ware dissipels leer ken, verstaan en uitleef waar hulle ook al is.
4. Gemotiveerde **kategete** wat binne verhoudings geloofsontwikkeling fasiliteer en optree as geestelike mentors.
5. Die **Bybel** staan sentraal in die geloofsontwikkeling en kinders word begelei om beide goeie kennis van die heilshistoriese ontwikkeling op te doen en die vermoë te ontwikkel om die Bybel toe te pas in die lewe.
6. Helder prinsipiële **uitgangspunte** waarin die gereformeerde verstaan van die Bybel ononderhandelbaar sal wees, bv verbondgerigtheid, missionêre roeping, ens.
- 7.'n **Databank** van goeie effektiewe materiaal wat beskikbaar is en 'n netwerk van steundienste en hulpmiddels wat die kategesesisteem ondersteun. Eers wanneer al hierdie bestanddele in elke gemeente saamwerk, kan effektiewe geloofsontwikkeling plaasvind.

Om hierdie kategesesisteem te ondersteun word daar voortdurend nuwe materiaal geskep.

- Vanjaar sien 'n elektronies-gebaseerde kategese-produk die lig. Dit is gemik op Graad 1-6 en word in grootgroepe aangebied, waarna die kinders in kleingroepe verdeel. Die inhoud word oor

drie jaar aangebied en bied 'n geheeloorsig vanaf die skepping tot by die vroeë kerk en die Hervorming. Die produk sal aan gemeentes gelisensieer word in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met uitgewerkte aanbiedings vir 34 Sondae van die jaar.

- Die huidige Graad 7 Bybeldagboek en die kategeet se Handleiding word grondig hersien en in 'n nuwe verkorte vorm in 2008 uitgegee.
- In samewerking met die Taakspan vir die Seisoen van Luister word vanjaar 'n boek, **God praat – leef luisterryk, vir families** (Verskyn Mei 2007), uitgegee. Dit is 'n handleiding vir families en gesinne om op 'n luisterryke manier huisgodsdienst te hou aan die hand van die verhale van 40 karakters uit die Bybel. Gemeentes word daarom aangemoedig om gesinne te motiveer om opnuut in die gesin saam huisgodsdienst te hou.

Ons het wel ontdek dat heelwat mense nie weet van al die verskillende hulpmiddels en kundigheid wat beskikbaar is nie. Jeugfokus se katalogus vir kategesebenodighede word jaarliks aan alle gemeentes gestuur. Dit word deur 80% van gemeentes bestel. Min gemeentes is eger bewus van die kursusse vir kategete of die nuutste produkte: *Issues 911* – 'n CD met 'n wye reeks *issues* in elektroniese formaat vir grootgroepe. *Grootgroepbyeenkomste* is 'n CD met 23 volledig uitgewerkte ontmoetings, elk met 'n volledige PowerPoint-aanbieding. En dat die webblad <http://jeugfokus.org.za> 'n bron van inligting en verwysing is.

BYLAAG B ONDERWYS EN OPLEIDING

1. VISIE/ DROOM

Met, in agneming van 'n godsdienstig diverse Suid-Afrikaanse konteks, leerders bloot te stel aan Christelike waardes.

2. MISSIE

Die kerk ondersteun onderwysinstansies deur sy betrokkenheid by personeel, ontwikkeling van leersteunmateriaal, opleiding van onderwysers, beheerliggame, toerusting van ouers, leerders.

In die najaag van sy droom bou die kerk netwerke en skakel ekumenies met ander rolspelers.

3. BEPLANNING

Op die stadium word nie veel nuwe projekte beplan, as gevolg van 'n gebrek aan tyd, maar word aan bestaande projekte aandag gegee ten einde tot afhandeling te kom. Projekte vir die toekoms:

4. Projekte

4.1 Netwerke word uitgebou en bestaandes word instand gehou soos die volgende:

IKOO, SARK, GETC, GFRL, TEASE, GCC, NRLF- Working Committee, HISNET, SACLA, SACLA-YOUTH CONGRESS, ACSI, SACRE, CIE, Fedzas, SAOU, SASOO en kultuurorganisasies soos die FAK en ATKV.

4.2 Vanuit kerklike kant insette te lewer op provinsiale en nasionale gebied.

4.3 Om plaaslike gemeenskappe en gemeentes, deur middel van die media, op hoogte te hou van gebeure op onderwysgebied.

4.4 Kerklike betrokkenheid by die opleiding van onderwysers te bevorder.

4.5 Motivering en bemagtiging van jongmense om die onderwys as 'n loopbaan te oorweeg, en die daarstelling van 'n volhoubare studietrust vir die doel.

5.5 Administrasie

6. VOLWASSE ONDERWYS

6.1 VISIE

Om deur die bronne en fasiliteite van gemeentes/gemeenskappe 'n verskil te maak aan armoede en werkloosheid.

6.2 PROJEKTE

6.2.1 Ekumeniese samewerking met VGK en ander rolspelers ten einde volhoubare projekte te bedryf.

6.2.2 Die ontwikkeling van programme wat deur gemeentes/gemeenskappe gebruik kan word om betrokke te raak by skole met behoeftes

LIDMAATBEMAGTIGING

1. VISIE EN MISSIE

1.1 ADGO se Werkgroep vir Lidmaatbemagtiging is besiel met die visie (droom) dat al die lidmate van ons Kerk se volle potensiaal vir die Koninkryk van God ontsluit sal word. Daarom beskou ons dit as ons missie om gemeentes te voorsien van praktiese bedieningshulp wat lidmate sal help om hulle gawes te ontdek en hulle rol en plek in die gemeente te verstaan ten einde te groei na volwasse dissipelskap in God se Koninkryk.

1.2 Ons wil dus gemeentes aanmoedig om 'n passie te ontwikkel en uit te leef om gemeentelede te bemagtig om al hoe meer

- God se verteenwoordigers in die alledaagse lewe te wees om daardeur die welstand van die gemeenskap te bevorder
- Eienaarskap vir die gemeente as hul bemagtigingsliggaam te aanvaar.

1.3 Ons is daarvan oortuig dat ons lidmate en hulle gawes eintlik die grootste skat (resource) is wat die Here aan sy Kerk geskenk het, maar dat hierdie skat nog grotendeels onbenut is. Die roeping van die Kerk in die tyd waarin ons lewe, noodsaak ons om baie dringend aan hierdie saak aandag te gee.

1.4 Lidmaatbemagtiging impliseer dan vir ons om lidmate

- bewus te maak van hulle roeping
- bewus te maak van hulle gawes en rol
- hulle plek te laat vind in die gemeente
- toe te rus vir hulle dienswerk
- in diens te stel en te ondersteun.

Ons bewusmakingstrategie sentreer om die slagspreuk: JY IS DIE VERSKIL!

2. WERKSAAMHEDE

2.1 ADGO se Werkgroep vir Lidmaatbemagtiging het in die afgelope termyn op verskillende maniere probeer om hierdie belangrike taak te volvoer.

2.2 Lede van die Werkgroep het gerigte navorsing gedoen. Die volgende stukke word as bylae aangeheg:

2.2.1 Lidmaatbemagtiging (Bylaag A).

2.2.2 Beginsels vir gawegeëriënteerde-bediening in die NG Kerk (Bylaag B).

2.2.3 Riglyne vir die Evaluering van Toerustingsmateriaal in die NG Kerk (Bylaag C).

2.2.4 Kerkordelike struikelblokke in die weg van Lidmaatbemagtiging (Bylaag D).

2.3 Tienduisend kopieë van die *OPE BRIEF AAN ELKE GEMEENTE VAN DIE NG KERK* is in professionele pamfletvorm na al die predikante van die Kerk uitgestuur om dit na goedgevoelde onder gemeentelidmate te versprei. Die terugvoering was buitengewoon positief! (Hierdie stuk is wesenlik 'n samevatting van Bylaag A).

2.4 Daar is 'n opname gemaak van die toerustingsmateriaal wat tans deur gemeentes van die NG Kerk gebruik word. Die behoefte aan materiaal is geweldig groot en die indruk is dat gemeentes na enige materiaal gryp omdat die NG Kerk oor min eie toerustingsmateriaal beskik. Die taakspan het besluit om nie die wiel weer te ontwerp nie, maar gemeentes te lei met riglyne oor die evaluering in die keuse van materiaal (Sien bylaag C). Die volgende materiaal word tans gebruik:

- Bybelkor-kursusse
- Getroue Getuies
- EE III
- Alpha
- Netwerk (Willow Creek)
- Forty Days of Purpose (Rick Warren)
- Celebrate Recovery (Saddleback)
- Natural Church Development
- Walk Through the Bible
- Gemeentevreugde
- Kingfisher
- SA Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes
- Beleef God (Henry Blackaby)
- Emerging Church (Rob Bell)
- Verantwoordelike Vernuwung
- Veritas College
- Amosprojek
- Nehemiaprojek
- Eie materiaal

2.5 Artikels oor Lidmaatbemaagtiging het in Kruisgewys, Kerkbode en op die NG Kerk se webwerf verskyn.

2.6 Wat die toekoms betref, word voorsien om met behulp van Bybelmedia materiaal te voorsien wat oor spesifieke aspekte handel, soos die liggaamsmodel, dissipelskap, roeping, gawes, leierskap, geestelike groei ens. Publikasies of elektroniese hulpmiddels wat gemeentes in doelwitbeplanningen vernuwingstrategieë kan help, word in die vooruitsig gestel.

2.7 Daar word ook gewerk aan 'n DVD met suksesstories van gemeentes wat reeds goed gevorder het met lidmaatbemaagtiging. Verder word sinodale werkswinkels oor Lidmaatbemaagtiging vir die toekoms beplan, of om dit saam met Verantwoordelike Vernuwing aan te bied.

BYLAAG A

WAT IS LIDMAATBEMAGTIGING

1. OPDRAG

Die missie van die Algemene Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling (ADGO) se Taakspan vir Lidmaatbemaagtiging is om die kerk te ondersteun om lidmate tot hulle volle potensiaal te laat ontwikkel deur

- hulle bewus te maak van hulle gawes en rol
- hulle hul plek te laat vind in die gemeente
- hulle toe te rus vir hulle dienswerk
- hulle in diens te stel en te steun.

Volgens die Kerkbode van 13 Mei 2005 is dit: *Konkrete bedieningshulp wat lidmate sal help om hulle gawes te ontdek, hulle rol en plek in die gemeente te verstaan, en lidmate sal help begelei na volwasse dissipelskap, en vervolg: Ons is oortuig dat van die grootste skatte van die NG Kerk die lidmate self is. Hierdie onbenutte bron moet ontsluit word.*

Die groot vraag en uitdaging is dus hoe 'n gemeente sy lidmate tot hulle volle potensiaal kan begelei sodat hulle optimaal aktief kan wees in liefdevolle dienswerk binne die Here se Kerk en Koninkryk.

Uit die staanspoor moet dit duidelik wees dat hierdie 'n omvattende aangeleentheid is met baie verbandhoudende aspekte oftewel verskillende invalshoeke waarmee die saak benader kan word. Aan 'n aantal van hulle wil ons hier kortliks aandag gee.

2. DIE KERK AS LIGGAAM

Sedert die tagtigerjare is daar veral baie aandag gegee aan die Bybelse metafoer van die kerk as liggaam volgens 1 Korintiërs 12 – vergelyk LM Heyns se proefskrif: *'n Prakties-Teologiese ondersoek na die kerklike strukture van die NG Kerk* (1986). In reaksie op die eertydse groot klem op die gemeente as kudde wat versorg moes word, het die liggaamsgedagte nou so sterk op die voorgrond getree dat selfs gepraat is van 'n liggaamsmodel wat in die gemeente gestalte moet vind.

Al sou daar kritiek kon wees teen die verabsoluttering van 'n nuwe Bybelse kerkmetafoer, het die hele debat ongetwyfeld 'n groot rol gespeel om 'n verskuiwing teweeg te bring in die bestaande kerkbegrip. Die geweldige rykdom van die liggaamsmetafoer het nuwe aksente van kerkwees op die voorgrond gebring. Veral die aktiewe funksionering van die ledemate (lidmate) van die liggaam in hulle verskeidenheid met hulle verskillende gawes was nou feitlik gemeengoed.

Hierdie nuwe beklemtoning het 'n sterk teologiese basis gelê vir die saak van lidmaatbemaagtiging wat nou ter sprake is.

3. BEMAGTIGENDE LEIERSKAP

Die hele debat rondom die liggaamsmodel was deel van die gemeenteboubeeweging wat die NG Kerk sedert die tagtigerjare sterk beïnvloed het. Naas Amerikaanse invloede, veral van die Church Growth Movement, het die Duitser Christian Schwarz bekendheid verwerf met die grootste empiriese navorsingsprojek (1994-1996) nog ooit na die faktore wat kerkgroei bevorder. Daarvoor het hy meer as 1000 uiteenlopende kerke in 32 lande op al die vastelande van die wêreld gaan ondersoek en bevind dat "empowering leadership" die nommer een kenmerk is van groeiende gemeentes:

Leaders of growing churches concentrate on empowering other Christians for ministry...they invert the pyramid of authority so that the leader assists Christians to attain the spiritual potential God has for them.

These pastors equip, support, motivate, and mentor individuals, enabling them to become all that God wants them to be. (Natural Church Development: 22).

Schwarz bevind ook dat van al agt kenmerke wat by alle groeiende gemeentes voorkom, die implementering van bemagtigende leierskap die vinnigste verskil maak in 'n gemeente: Die rede? *In contrast to the other seven quality characteristics, which deal mostly with change processes that involve the whole church, this factor usually relates to a relatively small group of people* (Implementation Guide: 47).

Volgens Arnold Smit in sy uitnemende boek oor leierskap (*Nuut gedink oor leierskap in gemeentes*: 99-100) dui energerende leierskap op die soort leierskap wat daarin slaag om 'n gemeente in staat te stel om hulle Godgegewe visie in die gemeenskap waarin hulle leef, te vervul. Dit is 'n styl van leierskap wat lidmate vrymaak tot 'n verstaan van hulle eie waarde en rol in die vervulling van die gemeente se roeping. Dit maak hulle vry tot die ontdekking van die gawes wat hulle van die Gees ontvang het vir hulle verbintenis, toewyding en ondersteuning aan die saak van Christus.

Tereg beklemtoon Smit dat energerende leierskap eintlik 'n pastorale aktiwiteit is (p.105) en dui onder meer op die volgende kenmerke van energerende leiers:

- Hulle sien en betrek lidmate as medewerkers/vennote in die bediening.
- Hulle raak ontslae van status- en magsimbole wat net afstand bring.
- Hulle skep ruimte vir lidmate om bediening uit te voer.
- Hulle plaas 'n hoë premie op toerusting.
- Hulle leef oop en kwesbaar teenoor diegene wat hulle begelei.

Wat betref die aspek van energerende leierskap het meeste gemeentes van die NG Kerk waarskynlik nog 'n ver pad om te gaan.

4. NUWE REFORMASIE

'n Aspek van lidmaatbemagtiging wat so belangrik is dat Greg Ogden dit selfs as *The New Reformation* beskryf, is die groot kloof tussen *clergy* en *laity* wat oorkom moet word. Hierdie kloof of afstand het ons steeds in die NG Kerk tussen predikante of leraars of dominees aan die een kant, en "gewone lidmate" aan die ander kant. Soms word na hierdie saak verwys as die onvoltooide agenda van die Reformasie.

In reaksie op die sakramentele verskansing van die priesters en die gevolglike onmondigheid van lidmate in die Roomse Kerk, het die Reformasie inderdaad 'n baie sterk saak uitgemaak vir die priesterskap van alle gelowiges. Maar hulle het ongelukkig nie daarin geslaag om dit tot sy volle konsekwensies deur te voer nie. *The Reformation never delivered on its promise of the Priesthood of All Believers; somehow, that doctrine never became operative* (George Hunter, *Church for the Unchurched*: 121. Vgl. ook JCG Kotze: *The Divine Charge to the Christian in the Church*: 93).

Is daar in die lig van die Skrif vandag nog enige ruimte vir afgesonderde "priesters" naas die algemene priesterskap van alle gelowiges? Ogden se mening is die volgende: *Nowhere in the Bible can a priesthood within a priesthood be defended. The holy presence of Christ is in his whole body. Each one in whom Christ dwells is a channel through whom he mediates his presence* (79).

Daarom pleit hy baie beslis daarvoor dat daar van geen klasse-onderskeid tussen *clergy* en *laity* sprake mag wees nie. Trouens, die tradisionele rolle moet net mooi omgekeer word: *The laity become the troops in the front lines and the clergy, with the gathered church, help to support them. Until this revolution occurs, the Protestant concept of the priesthood of all believers remains vague and unrealized* (211).

In 'n baie goeie artikel oor *Involvement of the Laity* in: Meeting the Future verbind Brian Germond (soos Luther) die priesterskap van alle gelowiges aan die doop, en skryf as volg: *By virtue of our baptism we are called to share in God's ministry to the world, and the remainder of our life is spent in the living out of that vocation....everyone shares in ministry. The distinction between ordained and layministry then becomes simply one of function* (178).

In alle eerlikheid sou mens selfs nog meer radikaal moet dink en vra of lidmate met hulle gawes en bediening ooit heeltemal tot hulle reg kan kom solank daar iets soos voltydse predikante is wat opgelei en afgesonder is vir die bediening. Frank Viola is nogal die mening toegedaan dat dit nie haalbaar is nie: *The mere presence of clergy has the deadening effect of conditioning the congregation to be passive and perpetually dependent* (Vergelyk: *Rethinking Leadership in the Church*). Hy haal dan ook iemand anders

aan wat beweer: *It is hard to get people to occupy the ground of universal priesthood when we reserve the word minister for people with seminary degrees and parchment pape rordination certificates...*

Laat daar by ons egter geen twyfel wees nie: lidmate sal net bemagtig wees as die kerk werklik aan hulle “teruggegee” word. In *Transforming Congregations for the Future* stel Loren Mead dit as volg: *Clergy by themselves cannot and will not relinquish their power. There will be no change until the laity takes the lead. The church is too important to be left in the hands of the clergy* (97).

Dalk help dit om nader aan die praktyk te kom deur net een praktiese voorbeeld te noem. Waarvandaan haal predikante/amptelike priesters die reg vandaan om die bediening van sakramente vir hulleself te reserveer?! Waarom moet die Nagmaal uitsluitlik deur ‘n predikant in ‘n amptelike erediens ingestel en bedien word? Dit sou ‘n wonderlike bemagtiging wees van gewone gemeenteleiers wanneer die Kerkraad hulle vrylaat om in kleingroepverband self die Nagmaal te bedien as uitdrukking van die intieme geloofsgemeenskap tussen dissipels van die Here Jesus.

Lidmaatbemagtiging roep om ‘n herdefiniëring van die rol van die predikant naas die volwaardige funksionering van die priesterskap van alle gelowiges!

5. TOERUSTING VAN GELOWIGES

Onlosmaaklik verbonde aan die saak van lidmaatbemagtiging is die roeping en taak van die kerk om sy lidmate hiervoor toe te rus. So skryf Kirbyjon Caldwell in die voorwoord van Sue Mallory, *The Equipping Church: The church exists to equip people in order to release them back into the world, grounded in truth and community*.

Mallory beklemtoon dat lidmaattoerusting nie benader moet word as ‘n bepaalde program binne die kerklike aktiwiteite nie. (Vergelyk die NG Kerk se vroeëre Lidmaattoerustingsprogram). Nee, *it is a way of doing and being the church* (21). Daarom dat sy dan ook ‘n aantal kernwaardes formuleer wat aan die grondslag lê van ‘n *equipping church*. Diensknegleierskap en die priesterskap van alle gelowiges is deel daarvan.

Greg Ogden gee ‘n mooi beskrywing van die essensie van toerusting. Die griekse woord hiervoor (katartizein) kom eintlik uit ‘n mediese konteks. *When a limb was broken, doctors equipped their ailing patients by putting the fractured bone back into proper alignment. A limb pulled out of joint was equipped by being returned to its proper place so that it could be restored to its appropriate function* (101). Presies dit is wat met die ledemate van die liggaam van Christus moet gebeur. Elkeen moet sy regmatige plek in die liggaam vind en daarvolgens funksioneer.

Vir baie dominees is dit waarskynlik besonder moeilik om die skuif te maak waarvoor hier gevra word. Sy bedieningsprioriteit sal moet verander: weg van die voortdurende versorging van die kudde (met hulle nimmereindigende verwagtings) na die noodsaaklike toerusting van gelowiges wat vra na behoorlike geestelike toerusting sodat hy sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede kan aanwend (Heidelbergse Kategismus: Sondag 21). Genoemde skuif kan vir ‘n predikant/pastor/dominee groot kritiek op die hals haal. Vanuit die tradisionele verwagtingspatroon word algou beweer dat die dominee nou sy werk op die lidmate wil afskuif! Daarom vra dit groot moed om hierdie rigting in te slaan. Maar, vra Ogden: *Are we willing to experience short-term pain for long-term gain in ministry? The truth is, we cannot be equipping pastors and dependency pastors at the same time* (118).

6. ROEPINGSBESEF

Lidmaatbemagtiging het ook alles te doen met die hernude klem op roeping wat in die jongste tyd nogal dikwels gehoor word. Die verbruikersmentaliteit wat so eie is aan ons westerse kultuur, het ‘n ongelooflike magsgreep verkry op die gees en gemoed van meeste lidmate. Daarom dat lidmate opnuut weer daaraan herinner moet word dat hulle as begenadigdes van God ook ‘n roeping van die Here ontvang het!

In sy jongste boek *Ontmoetings met die Lewende God* omskryf Coenie Burger roeping as volg: *Roeping is om te verstaan dat die Here jou ganse lewe aan jou gegee het as ‘n gawe en ‘n opdrag, en dat jy met alles wat jy doen, op hierdie gawe en roeping van die Here antwoord* (24). Die waarskynlikheid is groot dat slegs lidmate wat diep bewus is van die Here se aanspraak op hulle lewe, hulleself sal aanmeld vir aktiewe dienswerk in die Koninkryk van God.

In opvolging van sy “bestseller” *Seven Habits of highly Effective People* skryf Stephen Covey onlangs oor *The 8th Habit*, wat vir hom beteken: *Find your Voice and inspire others to find theirs*. Hierdie “voice”

waarvan Covey praat, is eintlik niks anders nie as jou unieke, persoonlike roeping. Volgens hom vind jy dit waar jou persoonlike passie, talente, behoefte en jou gewete mekaar ontmoet. Dié vier werklikhede korreleer met jou hart, jou verstand, jou liggaam en jou gees, wat onderskeidelik jou emosionele intelligensie, jou verstandelike, jou liggaamlike en jou geestelike intelligensie huisves.

Lidmaatbemaagtiging het inderdaad alles daarmee te doen dat lidmate gehelp word om hulle eie “voice” te herken, te besef dat hulle van die Here ‘n bepaalde roeping ontvang het, daardie roeping ontdek en dit met vrymoedigheid uitlewe.

7. KONINKRYKSPERSPEKTIEF

Misverstand waarteen tog maar voortdurend gewaak moet word, is dat lidmate net bemaagtig word vir kerklike dienswerk. Dan gaan dit oor ‘n kerklike aanspraak op jou lewe in plaas daarvan dat jy vrygestel word vir dienswerk binne die ruimtes van die Koninkryk van God.

In *The Once and Future Church* waarsku Loren Mead juis teen hierdie gevaar: *Ministry outside the church is rarely recognized and never rewarded. Ministry inside is recognized and rewarded....Assignments to responsibilities in the congregation are generally made according to the congregation's organizational needs, not the expertise of the lay person* (35).

Die kerk as liggaam van Jesus Christus het ‘n veel groter taak as om na sy eie welstand en voortbestaan om te sien! Die kerk is daar om die wêreld te transformeer en mee te werk aan die herstel van die oorspronklike harmonie met God. Daarvoor is niks minder as ‘n behoorlike inkarnasieteologie nodig nie. *An incarnational theology of ministry affirms that the Body of Christ is at work wherever its members are at work*, skryf Davida Crabtree tereg in *The Empowering Church* (33).

8. LIDMAATSKAP

As daar van lidmaatbemaagtiging gepraat word, bring dit noodwendig die hele saak van kerklike lidmaatskap ter sprake. Hieroor bestaan daar tans wyd uiteenlopende menings.

Vanuit die benadering van ‘n gasvrye geloofsgemeenskap word gevra vir ‘n vryer ingesteldheid waar verwagtings nie so hoog aangeslaan word nie. *Membership in the Christian church has been watered down to a lowest common denominator of least offense*, skryf Crabtree (*The Empowering Church*: 43). Tog sou mens kon vra hoeveel mense werklik gelukkig is om deel te wees van ‘n kerk/gemeente waar lidmaatskap eintlik geen betekenis het nie.

Daarom deel ek nogal Crabtree se oortuiging dat lidmaatskap weer met sinvolle inhoud gevul moet word. Dit beteken egter dat lidmaatskap glad nie as persoonlike “status” gesien word nie, maar juis as deel van die lidmaatbemaagtigingsproses wat behels dat nuwelinge hartlik verwelkom word in die gemeente, die Here waarlik leer ken, betrokke raak en toegerus word tot diensbaarheid in die Koninkryk.

9. STRATEGIE

Uiteindelik moet natuurlik gevra word na die regte strategie om die groot saak van lidmaatbemaagtiging tuis te bring by elke predikant en gemeente van die NG Kerk in Suid-Afrika. Dit is geen eenvoudige saak nie.

Verseker het elke gemeente van ons Kerk ‘n unieke konteks waarbinne sy lidmate geroep is om diensbaar te wees in die Koninkryk. Aan die ander kant is meeste van ons lidmate tot ‘n groot mate al deel van die “global village” sodat dit nie heeltemal onvanpas is om elders te gaan kers opsteek nie. Bekende modelle wat in hierdie opsig die aandag trek, is Moreletapark in Pretoria, Willow Creek (Chicago) en Saddleback Valley Community Church (Los Angeles).

Die uitgangspunt van Saddleback kan sondermeer op elke gemeente van die NG Kerk oorgedra word. George Hunter beskryf dit as volg:

Saddleback's emphasis on lay ministry is the single greatest key to the church's success. Rick Warren explains that, for their church, the people are the ministers, and the pastors are the administrators. The staff make most of the necessary administrative decisions, thus freeing the laity from the consuming involvements in committee work, voting, governance, and maintenance that immobilize, divide, and exhaust most congregations. This frees the people's time and energy for ministry and outreach in the community (Church for the Unchurched:129).

Selfs in die kleinste gemeente moet die voltydse of deeltydse predikant ophou om hom/haarself te sien as die enigste geroepene om die bediening van die gemeente uit te voer. Nie net is dit 'n onmoontlike taak nie, maar in stryd met die duidelike bedoelinge van die Here vir sy gemeente.

By wyse van 'n bemagtigende leierskapstyl waardeur gelowiges toegerus word om met vrymoedigheid hulle roeping in Kerk en Koninkryk uit te leef, moet geestelike leiers (predikante) bid en werk vir 'n Nuwe Reformasie wat die NG Kerk baie dringend nodig het!

BYLAAG B BEGINSELS VIR GAWE-GEORIËNTEERDE BEDIENING IN DIE NED GEREF KERK

1. AMPSGEORIËNTEERDE BEDIENING

Lees net die formulier oor die bevestiging in die ampte, die Kerkorde, Belydenisskrifte en kyk na die afgevaardigdes na vergaderings. Die hele bedieningsstruktuur is ampsgeoriënteerd. Die leiding en bestuur van die kerk vind vanuit die ampte plaas. Dit sluit ander leiding van lede van die liggaam van Christus in 'n hoë mate uit.

1.1 VERSKRAALDE SKRIFHANTERING

Die hele siening oor die ampte soos ons dit tans het, is hoofsaaklik gebaseer op die Pastorale briewe. Die res van die NT het feitlik geen rol gespeel nie. Hierdie aanname blyk uit die volgende Skrifgegewens.

1.1.1 Die oudste NT dokumente, is 1 en 2 Tes en 1 Kor. Geen ander NT geskrif gee soveel inligting oor die binnewerke van die kerk as die briewe nie.

1.1.2 Nêrens praat dié briewe van ouderlinge nie, van die bevestiging of oplê van hande van die ampte nie. Die briewe praat wel van gawes (charismata/en pneumatika), geestesgawes wat aan elke christen na die mate van geloof gegee is. Die brief 1 Kor gee ook hoofstukke inligting oor die charismatiese struktuur van die kerk teenoor verskraalde inligting in die Pastorale briewe.

1.1.3 Daarteenoor is die Pastorale briewe laat geskrifte met sterk klem op die ampte. Die Heilige Gees is meer verbind aan die ampte as teenoor elke lidmaat met gawes wat die Heilige Gees gee. Nêrens kom die term geestesgawes in die Pastorale briewe voor nie. Die term charismata word net op twee plekke gebruik en elke keer mbt die ampte. (1 Tim 4:14; 2 Tim 1:6).

1.1.4 Die teologie verskil duidelik van Paulus se teologie. Paulus het die tradisie goed nagevors (vgl 1 Kor 11:23) by nagmaal en (1 Kor 15:3) oor die opstanding. Paulus se weergawe is 'n redelike noukeurige weergawe van die funksionering van die kerk in sy vroeë geskiedenis.

Konklusie:

Die gawes wat die Heilige Gees aan gelowiges gee het om hierdie redes 'n ondergeskikte en selfs geen rol in die teologie en in ons gereformeerde kerkwees gespeel nie. Die hele Skrif het nie 'n rol gespeel in ons verstaan van gemeentebediening nie.

2. MISVERSTANDE OOR DIE GAWES WAT 'N MENS UIT DIE WEG MOET RUIM.

Vraag 1. Was die geestesgawes 'n uitsonderlike of alledaagse verskynsel?

Het ons met 'n streep-teologie te make, dws die gawes is net gegee vir die vroeë kerk in sy ontwikkelings- en vestigingsfase of is die gawes ook vir die kerk vandag en vir alle eeue bedoel? Paulus lê veral twee norme aan om te kan onderskei tussen die Heilige Gees en valse geeste se werking:

1. Wie die werking van die Heilige Gees ervaar moet kan sê Jesus is die Here (1 Kor 12:2). Alleen in die Gees kan 'n mens sê dat Jesus die Here is. Die Heilige Gees bind mense aan Jesus en Jesus is die kern van die gemeente se prediking en lewe.

2. Die gawes moet dien tot opbou van die gemeente. Die gawes is nie bloot 'n wonderwerk nie. Die Heilige Gees gee gawes om gemeente op te bou. (1 Kor 12:7).

In Rom 12: 6-8 en 1 Kor 12:28 ev noem Paulus 'n klomp ander gawes: aanmoedig; diens doen; leer; wysheid; onderskeiding van geeste; hulpverlening; administrasie... Sonder die gawes kan die kerk doodeenvoudig nie voortbestaan nie. Christene moet die belangriker gawes soek (1 Kor 12:31). Kom ek wys julle nog 'n belangriker gawe sê Paulus... liefde (1 Kor 13). Sonder liefde beteken al die ander gawes niks nie (1 Kor 13:1-3).

Konklusie:

Gawes is vir die kerk bedoel vir alle tye en vir die daaglikse bestaan van die kerk.

Vraag 2. Eenvorigheid of verskeidenheid?

Baie gelowiges dink daar is net een besondere gawe aan die kerk gegee. Dit is die tweede misverstand. Mens dink dat die enigste gawe wat vandag nog bestaan is die gawe waarop die hande gelê word. (2 Tim 1:6; 2 Tim 4:14).

Paulus se briewe ken die gebruik en die ordening van 'n amp glad nie. Paulus sou nooit die Heilige Gees en sy werking so in 'n "blik" kon druk nie.

- a. Die oorfloed wat die Heilige Gees gee en sy werking is te belangrik en 'n groot variasie van gawes is te bespeur (1 Kor 12:28-31; Rom 12:6-8; Efes 4:11).
- b. Die lysie eindig nie daar nie. So word lyding ook byvoorbeeld as 'n genadegawe gesien (2 Kor 4:7-12; Kol 1:24). So is daar talle ander sake wat Paulus ook as genadegawes sien.
- c. Charismata is geskenk, toebedeel met die oog op diens aan die gemeente. Dit is nie 'n natuurlike talent nie, maar die Heilige Gees wat dit skenk uit genade met die oog op diens in sy gemeente. 'n Gelowige beskik nie oor dié gawe soos oor 'n talent nie. Die Heilige Gees gee en neem dit soos benodig. 'n Talent word jy meegebore, maar 'n gelowige word geroep om 'n taak te verrig en die gawe gegee as toerusting om sy roeping mee uit te voer.

Konklusie:

Die Heilige Gees gee 'n verskeidenheid van gawes aan gelowiges wie die Heilige Gees roep om die gemeente op te bou. Hierdie gawes gee die Heilige Gees aan die gelowiges sodat die gelowiges in staat sal wees om aan hulle roeping uitvoering te gee.

Vraag 3. Gawes: alleenlik vir net 'n paar of vir almal gegee?

Dit is 'n misverstand om te dink dat die gawes net vir 'n paar mense beskore is - dat al die gawes aan 'n ouderling/ predikant gegee is toe hy/sy bevestig is. Dit is 'n groot fout om die volgende 4 redes:

1. In 1 Kor 12:28 ev. kom Paulus met 'n retoriese vraag: is almal apostels? Die antwoord daarop is duidelik. Natuurlik nie. Daar is 'n verskeidenheid van gawes wat God aan verskillende mense gegee het. Almal het nie dieselfde gawes nie.
2. In Ef 4: 11 gee God verskillende mense as gawes aan die kerk. God gee aan die kerk apostels, tweedens profete, doel van die gee van die gawes? Dat die mense wat God as gawe aan die kerk gegee het die gelowiges moet toerus (vers 12) sodat die gelowiges hulle werk kan doen en die gemeente kan opbou.
3. Boonop word die gawe van leierskap tweede laaste genoem by Paulus en is dit nie so op die voorgrond of belangrik by hom nie. So vra Paulus in 1 Kor 12:28: Is almal apostels, almal profete...? Nee. Paulus noem dan die gawe van leierskap tweede laaste. Leierskap is die kuns om 'n boot te stuur. So word die leiers nooit 'n groep wat oor ander regeer nie. Die leiers word nooit 'n groep wat hulle afskei van die gemeente, bokant die gemeente uitstyg om sodoende oor die gemeente te regeer nie. Gelowiges is geroep om mekaar te bedien en die gemeente op te bou met die gawes wat die Here gee. Omdat alle gawes, ook die van apostels wees, ens deel is van die charismata/gawes wat God aan die kerk gee, kan die ampte as gawe nie oor die ander genadegawes heers nie. Ampte is bloot 'n onderdeel van die gawes.
4. Gawes is aan elke lidmaat gegee soos die Heilige Gees wil. Daar is net een in beheer en een Hoof en dit is die Heilige Gees. Die Gees is op alle vlees uitgestort (Hand 2.) Wie deel aan die Heilige Gees het, het deel aan die genadegawes.

Konklusie:

Niemand kan alles in die kerk wees nie. 'n Gemeente is nooit 'n eenmansvertoning nie.

DIE NG KERK SE BEDIENINGSBELYDENIS

Ons glo.....

AANGAANDE BEDIENING/DIENS

1. Verlossing in Jesus Christus sluit 'n roeping tot bediening outomaties in. Elke gelowige is geskep, gered, geroep, begaafd, bemaagtig en beopdrag om te dien (Fil 2:8-10).
2. 'n Bediening vorm die hart van die Christelike lewe (Matt 20:28)
3. Die wyse waarop God my gemaak en gevorm het, bepaal die manier hoe ek betrokke gaan wees as deel van die liggaam van Christus, sy gemeente. God het ons elkeen uniek gevorm (s.h.a.p.e.) vir ons bediening.
4. God het aan al sy kinders gawes gegee wat ontwikkel kan word, en gebruik kan word in die bediening. Elkeen is iewers 'n "10". Elkeen het iets om te offer. Die ontwikkeling en die gebruik van jou gawes is goeie rentmeesterskap (bestuur van dit wat God aan jou toevertrou het), en aanbidding, want diens aan God is niks anders as aanbidding nie.

5. Jy ontdek jou gawes deur die bediening in plaas daarvan om jou bediening te ontdek deur jou gawes.
6. Die getuigskrif dat my gawes en bediening bymekaar pas, is *die feit* dat ek vrugbaar en vervuld is in wat ek besig is om te doen.

AANGAANDE DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS

1. God se bedoeling vir die bediening is dat dit deur die konteks van die plaaslike gemeente as God se antwoord vir die nood van die wêreld, volvoer word. Lidmaatskap sluit dus 'n verbintenis tot 'n bediening/e in.
2. Die Heilige Gees het aan ons gemeente familie/liggaam al die geestelike begaafde mense gegee wat nodig is om sodoende alles te doen waarvoor die Vader ons geroep het.
3. Die gemeente moet funksioneer op die basis van geestelike gawes. Lidmate behoort nie gekies te word tot die bediening nie, maar doen dit uit gehoorsaamheid aan God wat my toerus (begaafd gemaak het) vir die bediening.
4. Die gemeente is 'n liggaam, nie 'n besigheid, organisasie of organisme nie. Daarom moet die struktuur van die gemeente so eenvoudig wees dat dit die bediening bevorder en nie op onderhoud en bestuur fokus van 'n groot, lam organisasie nie. Bedieninge behoort nie onder burokrasie begrawe te word nie.
5. Die mobilisering van elke lidmaat en die ontdekking en die gebruik van sy/haar gawes is die sleutel tot 'n gebalanseerde gemeente wat groei en strewe na volwassenheid.
6. Die totale bediening van die gemeente moet altyd voorkeur hê bo die individualiteit en die behoeftes van 'n enkele bediening.

BYLAAG C RIGLYNE VIR DIE EVALUERING/AKKREDITERING VAN TOERUSTINGSMATERIAAL IN GEMEENTES.

Nie alle materiaal wat beskikbaar is om lidmate toe te rus vir hulle dienswerk strek tot opbou van 'n bepaalde gemeente nie. Sommige stof kan selfs lidmate verwar en mislei. Om dit met 'n metafoor te verduidelik sou mens kon sê dat nie alle afrigters van rugbyspanne noodwendig die spelreëls in ag neem nie. Sonder dat die spelers dit agterkom, kan hulle sekere tegnieke geleer word wat teen die reëls van die spel ingaan. Die riglyne wat hieronder genoem word, is bedoel om gemeentes te help om toerustingsmateriaal wat in die gemeente gebruik word op 'n verantwoordelike wyse te evalueer voordat hulle dit benut.

1. SKRIFGEBONDENHEID

Die eerste en belangrikste vraag is of die stof gegrond is op die Woord van die Here. Kan mens duidelik agterkom dat die inhoud getrou is aan die beginsels soos in die Bybel uitgespel word.

2. HERMENEUTIES VERANTWOORD

Nie almal wat die Bybel gebruik, gebruik dit reg nie. Daar is so iets soos die regte en verkeerde manier om die Bybel te lees. Al sou dit dus gebeur dat die materiaal oor die eerste hekkie van Skrifgebondenheid kom, sal ook gekyk moet word hoe die Bybel benut word. Die volgende is 'n paar van die belangrikste sake om in die gebruik van die Bybel en die benutting van Bybeltekste in ag te neem:

2.1 Hermeneutiese sleutels: Enige woonhuis het 'n hele paar kamers met deure wat elkeen met 'n sekere sleutel oopgesluit moet word. Daarby is daar ook dikwels sommige deure soos die voor- en agterdeure se veiligheidshekke wat spesiale soort sleutels nodig het om dit mee oop te sluit. Hierdie metafoor is van toepassing op die Bybel. Die Bybel bestaan uit 66 boeke wat geskryf is op verskillende maniere en binne verskillende omstandighede en met verskillende bedoeling. Om die regte betekenis van 'n sekere teksgedeelte dus reg te verstaan, sal die regte stel "sleutels" daarvoor gebruik moet word. Faktore wat die "sleutels" beïnvloed en dus in ag geneem moet word is sake soos die volgende:

2.1.1 Die *konteks* van die teksgedeelte: Geen teksgedeelte is in 'n onbepaalde vakuum geskryf nie. Die skrywer en die eerste lesers het binne 'n bepaalde konteks geleef. Die tyd waarin dit geskryf is, die kultuurhistoriese agtergrond waarbinne skrywer en hoorder geleef het, die sosio-ekonomiese en politieke klimaat, ens is maar van die faktore wat die konteks baie sterk beïnvloed en dit moet deeglik in ag geneem word om die teks te interpreteer.

2.1.2 Die *literatuursoort* waarin die teks gegiet is: Elke teksgedeelte is volgens die reëls van 'n sekere literatuursoort geskryf. In baie gevalle maak die skrywers juis van 'n bepaalde literatuursoort gebruik om sy boodskap effektief oor te dra. Daarom moet dit in ag geneem word om te bepaal of die teksgedeelte of selfs net 'n enkele teksvers reg gebruik word in toerustingsmateriaal.

2.1.3 Die *eienskappe van die taal* waarin dit oorspronklik geskryf was: Behalwe die literatuursoort is die teks ook volgens die spel- en grammatikale reëls van 'n bepaalde taal (van destyds) geskryf. Elke taal het

sy eie stel reëls. Dit moet in ag geneem word om te bepaal of ons eeue later die boodskap reg verstaan.
.1.4 Die eietydse konteks waarin ons vandag bevind: Ons eie konteks verskil radikaal van dié van die Bybel se tyd. Dit moet deeglik in ag geneem word.

2.1.5 Die konteks van die gemeente is belangrik: Behalwe vir die algemene eietydse konteks. Is daar ook die bepaalde omstandighede van elke gemeente. Dit moet deeglik in ag geneem word om vas te stel of bepaalde toerustingsstof geskik is.

3. TEOLOGIESE VERANTWOORDING

Geen gemeente funksioneer binne 'n teologiese vakuum nie. In die NG Kerk onderskryf ons die Gereformeerde teologie. Daarmee word standpunt ingeneem vir 'n bepaalde verstaan van die Skrif. Wanneer toerustingmateriaal in 'n gemeente gerbuik word, sal telkens gekyk moet word of die materiaal inpas in ons belydenis van die gereformeerde teologie. Daar is ook ander teologiese uitgangspunte wat as vertrekpunt vir materiaal kan diens doen en wat soms lynreg met die gereformeerde teologie kan bots.

4. RELEVANSIE VAN DIE STOF

Onder geen omstandighede mag in 'n gemeente toerustingsstof gebruik word net omdat 'n sekere ander gemeente of gemeentes dit gebruik nie of net maar om te kan sê daar is toerusting gedoen nie. Die gemeente se eie visie en ontwikkeling sal deeglik verreken moet word. Onthou: 'n na-aper is nie 'n regte aap nie.

Daarby moet toerusting altyd deel uitmaak van 'n oorhoofse beplanning waarmee in die gemeente gewerk word. Dit gebeur meermale dat in 'n gemeente sekere toerusting aangebied word sonder dat daar 'n infrastruktuur bestaan om die afloop van die materiaal te kan opvang en die uitwerking daarvan effektief te kan benut nie. Dan kan die stof hoe wonderlik wees, maar dit lei tot niks en kan selfs meebring dat gemeentelêde vorentoe nie weer belangstel in toerusting nie. Die vraag sal dus telkens gevra moet word of die stof werklik op 'n bepaalde tydstip van die gemeente se bedieningsplan gaan bydra tot beter gemeentewees en inpas by die gemeente se eie bedieningsbeplanning.

BYLAAG D DIE KERKORDE MOET DIE REFORMATORIESE HERONTDEKKING VAN DIE LIDMAAT WEERSPIEËL.

1. OM LIDMAATBEMAGTIGING TE LAAT SLAAG MOET DIE ROL VAN DIE PREDIKANT, OUDERLINGE/DIAKENS EN LIDMATE HERDEFINIEER WORD.

1.1 DIE ROL VAN DIE LIDMAAT

1.1.1 Volgens 1 Petrus 2:4-10 berus die algemene priesterskap van die gelowige op Christus se geskenkte heil aan die gelowiges. Die gelowiges het direkte toegang tot God en bring self geestelike offers aan God. Hulle het nie meer die middelman (priesters) nodig, om namens hulle by God in te tree nie. Die gelowiges is God se uitverkore volk, koninklike priesters, eiendomsvolk en die nasie wat vir Hom afgesonder is. Die gelowige se rol is herdefinieer. Die gelowige se identiteit is nuut omskryf.

1.1.2 Die kerk kon die nuwe rol en die algemene priesterskap van die gelowige nie handhaaf nie. Namate die offer-idee in die nagmaal ingebring is, het die amp priesterlike trekke gekry en is die algemene priesterskap van die gelowige op die agtergrond gedruk.

1.1.3 Chrysostomus het dit nog so gehad dat die gelowige die pleroma van die biskop en priester besit het. Maar met die verloop van tyd is die rol van die gelowige anders omskryf in die lig van die toenemende opkoms van die biskop en priesteramp.

1.2 DIE ROL VAN DIE AMPTE

1.2.1 Die reformasie het op grond van 1 Petrus 2: 5 en 9, die priesterlike rol-definieering van die Roomse ampsbeskouing in twyfel getrek en hul opnuut beywer vir die algemene priesterskap van die gelowige. Die gewone man word nou deel van die kerk. In plaas van 'n priester wat namens hom sekere dinge doen, namens hom bid, namens hom na die waarheid soek, staan die gelowige nou self voor God.

1.2.2. Luther skryf in 1520: *“Alle Christen sein warhafftig geystlichs stands, und tot ist unter yhn kein unterscheid”*. Hy wys verder daarop dat hulle almal priesters gemaak is deur die doop. *“Dan was ausz der tauff krochen ist, das mag sich rumen, das es schon priester, Bischoff und Bapst geweyhet sey”* of elders *“Alle sind wyr priester fur Gott, so wyr Christen sind”*.

1.2.3 Die priesterskap bestaan volgens Luther uit 3 dele:

- “das man geystlich opfferre
- und fur gemeyn bete
- und predige”

1.2.4 Alhoewel die reformasie klem gelê het op die algemene priesterskap van die gelowige en die gelykheid van alle gelowiges voorgestaan het, blyk dit nie die geval te wees vir die opstellers van die belydenisgeskrifte nie.

1.2.5 Die rede hiervoor is waarskynlik die latere ontwikkeling van 'n andersoortige ekklesiologie as wat tydens die hervorming gegeld het. Dit was 'n moeilike tyd waarin die Protestantse Christendom hulle bevind het, nadat die Pous as gesagsimbool afgewys is. Dit het daartoe gelei dat die Protestantse Christendom versplinter het in menige groeperinge. Daar was 'n soeke na 'n nuwe gesagsimbool en nuwe intellektuele verwysingsraamwerk wat rigting kon gee aan die gelowiges, wat verward en versplinter was in hierdie tyd. Die objektiewe waarheidsbron is gevind in die Skrif. Die kennis kom dus nie van die mens self nie, maar van buite die mens soos geopenbaar in die Skrif. Die Aristoteliaanse filosofie en logika was die intellektuele voertuig wat gebruik is om teologie mee te bedryf. Gutke het byvoorbeeld van die Aristoteliaanse logika gepraat as God se eie logika.

1.2.6 Nou het daar belangrike klemverskuiwings in die teologie plaasgevind. Luther het nog gepraat **van die Bybel** wat getuig van die openbaring van God, terwyl die latere ontwikkeling gepraat het van die **Bybel word die** openbaring God. Openbaring en Bybel word aanmekaar gelykgestel. Die Woord van God en die Skrif is nou inhoudelik een. Daar moet met die Openbaring van God met respek en ontsag omgegaan word, so word daar wegbeweeg van die gewone mens na 'n esoteriese groepie intellektueles wie se roeping dit is om die massa na verlossing te lei. Die beweging na die volk van die reformasie is nou omgedraai na 'n beweging weg van die volk.

1.2.6 Die beweging weg van die volk is ook in die belydenisgeskrifte opgeteken:

- Die Nederlandse Geloofsbelijdenis met sy 37 artikels is nie een artikel afgesonder om aan die saak van die amp van die gelowige aandag te gee nie.
- Daar is 3 artikels wat ampsdraers en hul werk bespreek. Die opstellers het duidelik en bewustelik die ampshiërgie ingeskryf (vgl Artikel 30, 31).

1.2.7 Hierdie neiging kom net so sterk voor in die KO wat natuurlik uiting moet gee aan die belydenisgeskrifte. Dit kom dus nie as 'n verrassing as na die inhoud van die KO gekyk word.

Wat die inhoud van die KO betref:

- 1,4 % van die KO gee aandag aan lidmate
- 4,23% gee aandag aan ouderlinge en diakens
- 15,5% gee aandag aan die dominee

1.2.8 Die ampte van die kerk beslaan 21% van die KO.

71% daarvan word aan die amp van die Dominee bestee en 29% aan die ampte van ouderlinge en diakens.

1.2.9 Al logiese afleiding wat hiervan gemaak kan word, is dat vir die KO is ampshiërgie belangrik, met min waarde wat aan die amp van die gelowige geheg word.

1.2.10 Die priesterskap van die gelowiges is letterlik oorgedra aan die ampte.

KO 9:6 " ... die behartiging van die herderlike sorg is deel van die predikant se taak saam met kerkraadslede" en in Art 51: "Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet deur die behartiging van getroue huisbesoek, die herderlike sorg uitstrek tot alle lidmate van die gemeente... Hulle moet besoek word..."

1.2.11 Die gemeente/lidmate word die voorwerp van herderlike sorg, want die breë uitgangspunt van ampshiërgie wat in die belydenisgeskrifte en KO voorkom, bepaal dit en tweedens is lidmate nie mondig om vir hulself te sorg of om vir mekaar sorg te dra nie. Die van bo- na onderbenadering het die diensbaarheid, offervaardigheid en Woordvaardigheid van lidmate erg benadeel.

1.3 DIE ROL VAN DIE PREDIKANT

1.3.1 Die ADGO **Ekklesiologie verslag** wys op die volgende saak: " ... alle gelowiges, as volwaardige lede van die nuwe huishouding van God, geniet gelyke status met mekaar in die teenwoordigheid van God. Daar bestaan geen hiërargiese skeiding tussen "gewone lidmate" en die ampte nie..." (p4). Let op die volgende paragraaf " ... alle gelowiges voltydse dissipels is" (p4).

1.3.2 Die saak wat die Ekklesiologie verslag afwys op(p7) word juis deur die KO onderstreep. "... sien te veel lidmate 'n gemeente as 'n entiteit wat gekonstitueer word deur 'n kerkraad wat in staat is om 'n leraar te kan betaal". Die vertrekpunt van die KO is nie die lidmate nie, maar die ampte en hul funksionering, orde, verkiesing, betaling van leraar Watter ander gewes wat die Heilige Gees aan die kerk gee kry in die KO aandag?

1.3.3 Die verslag maak in hierdie verband 'n belangrike opmerking:

- "Wat wel beslis waar is, is dat 'n oormatige verampteliking en institusionalisering van gemeentes beslis gemeentes as lewende en dinamiese organismes en skeppinge van die Heilige Gees 'n knou toegedien het" (p8).

- “ Wat wel waar is, is dat ’n bedieningsmodel wat die kerk en gemeente as liggaam van Christus werklik ernstig neem, die sleutel hou tot die ontsluiting van die grootste onontginde bronne binne die kerk, naamlik die gewone lidmaat” (p 11).
- “ ’n Kerk wat alleen deur predikante en ’n paar kerkraadslede in stand gehou word, was nog nooit ’n Bybelse visie vir die kerk nie” (p 11).
- “ Die liggaamsmodel vra ander soort vaardighede van ’n predikant” (p11).
- “ Dit vra dat die gemeente ander verwagtinge sal koester oor die rol van die predikant” (p 11).
- “ Dit vra ’n volwasse kerkbegrip” (p 11).

Die KO, soos die dokument tans lyk, is ’n dokument met ’n bepaalde ekklesiologie uit ’n bepaalde era. Hoe gooi ’n mens nuwe wyn in ou sakke? Wanneer die nuwe wyn gis, bars die ou sakke oop en albei gaan verlore.

1.4 INDIEN ’N MENS ’N SPEL WIL VERANDER, MOET JY DIE REËLS WAT DIE SPEL DIKTEER VERANDER.

Om wesenlik uitdrukking te gee aan die lidmaat as God se gawe aan die kerk, sal die rolle van predikant, ouderling/diaken en lidmaat geherdefinieer moet word. Die **lidmate** is die kerk en **nie die ampte nie**. Hierin moet die kerklike ampte heropgelei word om lidmate te bemagtig om te weet hulle is die kerk.

PREDIKANTEBEDIENING

1. OPDRAG

1.1 [AS 2004, Deel II, p 165, § A.11.2: 4 en Deel IV, p 376, § A.11.2: 4.3]: Die Algemene Sinode keur dit goed dat die “Bedieningsvreugdemodel vir die versorging van predikante” as uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir toekomstige bediening aan predikante gebruik word en dra dit aan die ATP op om hierdie model verder te ontwikkel en toe te pas.

1.2 [Deel IV, p 376, § A.11.2: 4.3 Predikantebegeleiding]: Die Algemene Sinode bevestig dat:

1.2.1 Die deurlopende begeleiding en ’n versorging van sy predikante ’n prioriteit (wesens) saak van die kerk is;

1.2.2 Die Bedieningsvreugdemodel as ’n holistiese program onmiddellik in al die sinodes van die kerk geïmplementeer moet word;

1.2.3 ’n Predikantebegeleidingstaakgroep deur die Sinode aangestel word om die proses oorhoofs te bestuur en te koördineer. Dit neem nie weg dat elke sinode van die prosesse op ’n eiesoortige manier kan implementeer nie.

1.2.4 Die Sinode besluit voorts dat die taakgroep verdere ondersoek doen na:

1.2.5 ’n Praktiese stelsel van standplaaswisseling en/ of verplasings;

1.2.6 Die oorhoofse bestuur van die proses vanuit ’n sentrale kantoor (dalk saam met GDN).

2. INLEIDING

Die Bedieningsvreugdemodel is by die vorige Algemene Sinode goedgekeur as “uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir toekomstige bediening aan predikante”. Die ADGO Taakspan: Predikantebegeleiding het dit as opdrag ontvang om toe te sien dat hierdie model nie net op papier bly staan nie, maar werklik holisties deur al die sinodale gebiede (op eiesoortige manier in elke unieke konteks) in werking sou tree.

3. AKSIEPLANNE

3.1 KONTEKSANALISE

In elke sinode word op bepaalde terreine wonderlike werk gedoen ter begeleiding predikante. Die koördinasie en kommunikasie hieroor, binne breër verband, was egter nie effektief en deurlopend nie. Daar was nie genoeg gedoen om kundigheid, materiaal en vaardigheid te deel nie. Hoewel alle sinodes iets doen, is dit op verskillende vlakke en fases in die lewering daarvan. In hierdie opsig was die “oudit van dienste”, maar ook ’n geleentheid vir saamkom van alle rolspelers, om sodoende by mekaar te leer, te leen en te deel uiters belangrik. So het daar reeds 2 geleenthede plaasgevind.

3.2 SAAMWERK BYEENKOMSTE

3.2.1 Byeenkoms op 25 en 26 Mei 2005 te Skuilkrans, Pretoria

Hierdie historiese, eerste geleentheid was 17 persone, uit al die sinodale gebiede, wat betrokke is by die versorging van predikante, teenwoordig. By hierdie geleentheid is aandag aan onder andere die volgende gegee:

3.2.1.1 Gemeenskaplike probleme

Ten spyte van die unieke konteks van elke sinode is daar ’n groot aantal gemeenskaplike faktore wat predikante ervaar: Lae mobiliteit (standplaasverwisseling?), finansiële probleme in gemeentes, onsekerheid, uitbranding, behoefte aan beter VTO en opleiding, behoefte aan mentors, beter begeleiding van beginnende predikante, hantering van vasgelooptheid, voorbereiding vir aftrede, verskaffing van professionele ondersteuning deur goed opgeleide “terapeute”, ontvolking van gemeentes (veral op die platteland en middestad), onvoldoende plaaslike ondersteuning en versorging van leraars deur die kerkraad en probleme met die rol van Diensverhoudingskommissies.

3.2.1.2 Standplaasverwisseling

Die praktyk wys dat hierdie saak ’n lae prioriteit vir die meeste predikante is. Elke sinode is versoek om individueel hieraan aandag te gee. Die name van die skakelpersone behoort meer aandag te kry in die kerklike media en op die webtuiste. ’n Sentrale databasis ontbreek steeds. Die gebruik van die sewe-jaar gesprek (of soortgelyke prosesse of nuwe prosesse wat ontwerp word) behoort beter benut te word om name vir verwisseling te identifiseer of op te vang. Inter-sinodale en intra-sinodale prosesse behoort kreatief geskep en gebruik te word.

3.2.1.3 Mentorprogram

Hoëveld Sinode het in opdrag van die AKPB met ’n loodsprogram begin. Hierna is ’n opleidingslisensie van *Learning Link* bekom wat bydra tot beter koördinasie vir ’n eenvormige, gestandaardiseerde en geakkrediteerde mentoropleiding deur die hele NG kerk wat ook gehaltebeheer verseker. Opleiding sal ook in ander sinodes gedoen word.

3.2.1.4 Kommunikasiestrategie

Meer sal gedoen moet word om predikantebegeleiding en -versorging gekoördineerd binne die kerk en na buite onder mense se aandag te kry en te hou. (Verskeie artikels het intussen reeds in Die Kerkbode verskyn en ruimte is verkry op die webtuiste van die Algemene Sinode.

3.2.1.5 Selsorg

Aangesien bedieningsvreugde tot 'n groot mate veral die predikant se eie verantwoordelikheid is, moet meer aandag gegee aan praktiese metodes van selsorg is. Dit beteken dat predikante self ook moet kyk na hulle lewenstyl, gesondheid, gesinne en welsyn. Selsorg is ook bygevoeg as nuwe en integrale deel van die Bedieningsvreugde model. Sien **Bylae B**.

Om predikante te help met selsorg is dr Gideon van Dam, Predikant in Sinodale Diens, Werkbegeleiding, van die Protestantse Kerk in Nederland en bekende outeur oor die onderwerp, genooi vir werkswinkels in "Die predikant as geestelike begeleier en sy/haar spiritualiteit." Daar sal ook van sy kundigheid op die terrein van predikantebegeleiding gebruik gemaak word in die verskillende sentra wat hy besoek.

3.2.1.6 Vreugdevolle Doelgeskikte Medereisigers

Die vergadering munt 'n begeleidende "motto" saam met die Bedieningsvreugde model, naamlik: "Vreugdevolle Doelgeskikte Medereisigers" (VDM) om te wys hierdie model is nie staties nie, en ook om die model mee te bemark. **V** verwys na die emosionele, **D** na die praktyk en **M** na die metodiek.

Ons is dus saam met mekaar op pad en wil mekaar ondersteun om vreugde in die bediening te ervaar as Godvererende predikante

- ♦ wat met oorgawe en energie vreugde in die bediening vind;
- ♦ leef vanuit hulle Godgegewe roeping;
- ♦ heel, uitgesorteerde mense is;
- ♦ en wat die moontlikheid het om volgens hulle gawes en passie op die regte plek te wees. Sien ook **Bylae A**.

3.2.1.7 Behoefte aan jaarlikse werksbyeenkomste vir Predikantebegeleiding:

Tydens die byeenkoms is die behoefte aan samewerking, gereelde skakeling, beter kommunikasie met mekaar en die uitruil van kennis, materiaal en vaardighede oor sinodale grense en binne algemene sinodale verband uitgespreek. Om die werk wat uitgedeel is weer te bespreek, te koördineer en te kontinueer is besluit op 'n opvolg vergadering.

3.2.2 Byeenkoms van 6 en 7 Junie 2006 te Achterbergh, Krugersdorp

By hierdie geleentheid was 18 verteenwoordigers van al die sinodes weer teenwoordig, behalwe Namibië, as gevolg van dr Mike van Tonder se tragiese dood. (Sien **Bylae C**). Die teenwoordigheid van 'n leraar uit die VGK het daartoe bygedra dat 'n belangrike tree ook in predikantebediening gegee is in die proses tot hereniging. By hierdie vergadering is met dank berig dat vordering in al die sinodale gebiede gemaak is om Vreugdevolle, Diensgeskikte Medereisigers te wees. Nie net word reeds meer as een miljoen rand gesamentlik deur die verskillende sinodes aangewend vir predikantebegeleiding nie, maar is daar ook reeds een voltydse predikant in sinodale diens vir predikantebegeleiding (Wes- en Suid-Kaap). Die kerk praat dus nie meer net oor die versorging van predikante nie, maar doen daadwerklik iets daaraan!

Besondere aandag is aan die volgende sake gegee:

3.2.2.1 Die Bedieningsvreugdemodel

Aangesien hierdie dinamiese model die uitgangspunt, denkraamwerk en teoretiese raamwerk vir predikantebediening is, en ook dinamies is, word dit uitgebrei en verder verfyn met die byvoeging van brugpastors as nuwe element

3.2.2.2 Standplaasverwisseling

Standplaasverwisseling vind nog nie algemeen plaas nie, maar daar was reeds meer as 12 ruilings. Hierdie saak bly kompleks en daar is baie faktore betrokke wat sukses moeilik maak. Standplaasverwisseling en die mobiliteit van predikante bly steeds so belangrik dat meer publisiteit en aandag hieraan gegee moet word.

3.2.2.3 Loopbaanontwikkeling vir predikante

Meer aandag moet gegee word aan effektiewe verdere en voortgesette opleiding. Hier behoort veral leierskapontwikkeling, bestuur en veranderingsbestuur aandag te kry.

3.2.2.4 Versorging van predikante

Omvattende en volgehoue van studie tot selfs na emeritaat behoort steeds die fokus te bly. Hiervoor behoort 'n kultuur van versorging in die kerk gevestig te word wat ook die versorging van elke lidmaat in elke gemeente in sluit!

3.2.2.5 Brugpastors

Predikante word opgelei wat gebruik word om gemeentes te help nadat vakatures ontstaan het, vanweë watter rede ook al. Die tydperk is beperk en bepaalde kontraktuele voorwaardes geld. 'n Brugpastor kan gesien word as 'n inhuur-fasiliteerder vir 'n tydperk van 9 tot 18 maande.

3.2.2.6 Mentorprogram

Die mentorprogram is verder uitgebrei en word in byna al die sinodes aangebied op verskillende vlakke.

4. VOORTSETTING EN VERDERE WERKSAAMHEDE:

Die Taakgroep Predikantebegeleiding sal vir die *volgende tydperk fokus* op die volgende belangrike sake:

4.1 Leierskapsontwikkeling, gekoppel aan die mentorprogram, en wat ook uitgebrei kan word na alle leiers in die kerk.

4.2 Die vestiging van Plaaslike Versorgings Kommissies/groepe (PVK's) in elke gemeente. In byna alle gemeente funksioneer reeds Kommissies vir Diensverhoudinge (DVK's) wat omsien na die organisering van die predikant se werk, maar daar is nog 'n groot behoefte aan aandag vir predikante se "nie-werk" versorging. PVK's behoort om te sien na die welsyn van predikante en hulle gesinne. Materiaal hiervoor sal eersdaags beskikbaar gestel word.


4.3 Standplaasverwisseling. Hierdie meganisme vir mobiliteit behoort steeds beter benut en ontwikkel te word.

4.4 Voorsiening van predikante in die toekoms. Dringende aandag sal gegee moet word aan die projeksies vir die behoefte en beskikbaarheid van genoeg predikante in die kerk.

4.5 Predikantebegeleiding binne 'n herenigde kerk bied nuwe uitdagings en sal aandag moet kry.

BYLAAG A

Bedieningsvreugde Proses: Vreugdevolle, Diensgeskikte Medereisigers Versorgingsstruktuur Leierskap



BYLAAG B



BYLAAG C

DOOD VAN DR MIKE VAN TONDER EN ERNSTIGE EN PERMANENTE GESIGSBESERINGS AAN DS GIDEON VAN DAM OP 8 AUGUSTUS 2005 IN NAMIBIË.

1. Ds Gideon van Dam van die Protestantse Kerk Nederland het Suid-Afrika in Augustus 2005 besoek. Hy het kursusse aangebied met die tema "Die predikant as geestelike begeleier en sy/haar spiritualiteit" en sou sy kundigheid op die terrein van predikantebegeleiding aanwend by die verskillende sentra wat hy besoek. Die afskop te Stellenbosch het baie goed afgegaan en die kursusgangers het almal getuig van die waarde van die kursus en die impak vir elkeen persoonlik. Dit is opgevolg met 'n gesprek met die taakgroep van die Sinode van die Wes- en Suid-Kaap en die VGK oor predikantebegeleiding.

2. Twee van die beplande byeenkomste het in Namibië plaasgevind by Otjiwarongo en Mariental. Onderweg na die derde byeenkoms was daar 'n motorongeluk waartydens dr Mike van Tonder oorlede is en ds van Dam ernstig beseer is. Beide se vrouens het ook veelvuldige beserings opgedoen. Die res van die optredes is gekanselleer. Gideon van Dam herstel steeds (2007) na ernstige gesigsbeserings – hy het net een oog behou met slegs 20% sig.

3. Die besondere bydrae van dr Mike van Tonder in die vestiging, formalisering en voortgang van predikantebediening word met dank erken. Ons eer sy nagedagtenis.

ALGEMENE TAAKSPAN VROUDELIDMATE

1. OPDRAGTE

(AS 2004: Boek II, bl 201 - 203)

1.1 Die Algemene Sinode besluit dat die kommissie in samewerking met teologiese inrigtings/ kerklike instellings toerustingsmateriaal vir vrouelidmate en - leiers ontwikkel.

1.2 Die Algemene Sinode besluit dat die Taakspan Vroue voortgaan om ekumeniese betrekkinge met ander kerke en denominasies te bevorder en uit te bou.

1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die Taakspan voortgaan om navorsing oor vrouelidmate se geestelike behoeftes, asook die spesifieke behoeftes van predikantsvroue en hoe hulle ondersteun kan word, te doen.

1.4 Die Algemene Sinode besluit dat die Algemene Diensgroep vir Gemeente en Bediening in same-werking met die Taakspan Vroue aandag aan die voortgesette opdragte van die kommissie sal gee en die ADL wysigings, soos nodig, in dié verband sal aanbring.

1.5 Vroue in die kerk – AS 2004 : vgl A.13.1:6.8.3 (Boek III, bl 262 - 265): Die Algemene Sinode keur dit goed dat die Lessenaar vir Geslags-gelykheid met die Taakspan Vroue in gesprek tree met die oog op nouer samewerking en die uitklear van werksterreine.

2. UITVOERING VAN OPDRAGTE

Die Taakspan het aan die volgende sake aandag geskenk:

2.1 TOERUSTING/BEMAGTIGING

2.1.1 Die Taakspan vir die Seisoen van Luister het 'n Bybelstudieboek saamgestel wat 20 vroue- en 20 mannekarakters uit die Bybel bespreek. Die taakspan het geoordeel dat dit huidig voldoende is.

2.1.2 Eietydse bybelstudiemateriaal wat onderwerpe aanspreek wat op die behoeftes van vroue gerig is, sal in die nuwe termyn in samewerking met BM ontwikkel word.

2.1.3 Die ontwikkeling van toerustingsmateriaal vir vroueleiers en toerusting/bemagtiging van vrouelidmate is in proses.

2.2 SKAKELING: EKUMENIES EN NA BUIE

2.2.1 Die Taakspan Vrouelidmate het gereeld ekumenies met die NG Kerk-familie, asook ander denominasies geskakel. Goeie verhoudings is opgebou wat verder uitgebou sal word.

2.2.2. Indien die kerk 'n invloed op die samelewing wil uitoefen en enigsins relevant binne gemeenskappe wil wees, is die sluit van vennootskappe al hoe belangriker. Geleenthede vir die inskakeling by gespreksgroepe raak groter en dit is verblydend dat verteenwoordiging van die Ned Geref Kerk gevra word. Hierdie geleenthede moet optimaal benut word om verhoudings te bou en die kerk se stem te laat hoor.

2.2.3 Die Taakspan vir Vrouelidmate skakel tans op gereelde basis met die volgende kerke en instansies:

2.2.3.1 SARK - Woman's desk – Voorsitter dien op die dagbestuur (National Executive committee)

2.2.3.2 Wêreldbiddag vir Vroue: Ekumeniese Nasionale komitee – Voorsitter dien op dagbestuur (16 denominasies)

2.2.3.3 Vroueleiersgroepe van die NG Kerk-familie

2.2.3.4 Vroueleiers van ander vroueforums in Suidelike Afrika

2.2.3.5 South African Progressive Women's movement

2.2.3.6 South African Women in Dialogue

2.3 NAVORSING

Navorsing is in samewerking met BUVTON gedoen met betrekking tot die "Geestelike bedieningsbehoefte en deelname van vrouelidmate in die Ned Geref Kerk." Twee duisend (2000) vraelyste is in die 10 sinodes versprei en daarna verwerk. Die verwerkte verslag word aangeheg as 'n laatstuk.

2.4 TAAKSPAN GESLAG EN DIVERSITEIT – UITKLAAR VAN WERKSTERREINE

2.4.1 Na verskeie samesprekings met genoemde taakspan kon raakpunte nog nie bepaal word nie. Die Taakspan vir Vrouelidmate fokus op navorsing met betrekking tot eiesoortige vrouesake, en algemene beleid tov vrouelidmate, terwyl Geslag en Diversiteit (Besluitereg pt 36.2 p:446) juis niè op die "unieke " behoeftes van vroue fokus nie.

2.4.2 Die Taakspan Geslag- en Diversiteit/taakspan is in die proses van transformasie tot 'n diversiteitsbestuur- taakspan wat die kerk met betrekking tot diversiteit in totaliteit gaan adviseer en nie net op geslag konsentreer nie. Daar is dus nie werklik meer raakvlakke wat slegs vrouesake raak nie.

2.5 VOORTGESETTE OPDRAGTE

Die Voortgesette Opdragte is verwerk en in die visie, missie, doelwitte en funksies uiteengesit:

2.5.1 Visie : Vroue wat voluit leef vir Christus

2.5.2 Missie : Om vrouelidmate te inspireer en te bemagtig om hulle roeping en gawes voluit tot eer van God en die opbou van die Liggaaam van Christus uit te leef.

2.5.3 Samestelling:

2.5.3.1 Een verteenwoordiger uit elk van die sinodes. Verteenwoordigers moet lid van die Sinodale Vroueleiersgroep wees.

2.5.3.2 Die Taakspan verkies 'n dagbestuur (voorsitter, o/voorsitter en skriba) wat tydens die Algemene Sinode goedgekeur word.

2.5.3.3 Die dagbestuur word deur die Taakspan verkies op 'n jaarvergadering wat die Algemene Sinode voorafgaan.

2.5.3.4 Die Taakspan vergader jaarliks.

2.5.3.5 Die voorsitter en o/voorsitter dien op die Algemene Diensgroep Gemeente Ontwikkeling.

2.5.3.6 Die voorsitter verteenwoordig die Taakspan op die ASM.

2.5.4 Doelwitte en funksies

2.5.4.1 Voer opdragte van die Algemene Sinode uit.

2.5.4.2 *Doen navorsing sodat vroue se behoeftes en belange onder die aandag van Sinodes en die Algemene Sinode gebring en aangespreek kan word.*

2.5.4.3 Adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van vrouelidmate

2.5.4.4 Medeverantwoordelik vir geestelike begeleiding, bemagtiging en toerusting van vrouelidmate.

2.5.4.5 Identifiseer en ontwikkel nuwe, eietydse en relevante materiaal vir Bybelstudie en toerusting.

2.5.4.6 Bevorder gereelde skakeling met vrouelidmate van die Ned Geref Kerk-familie en ander denominasies, sowel as relevante vroue-organisasies op nasionale en internasionale vlak.

2.5.4.7 Dra by tot die bemagtiging van vrouelidmate om by die genesing en opheffing van ons lande betrokke te raak. (Gesinsgeweld, vigs, armoede, aborsie, verkragting, opheffing, morele waardes)

2.5.4.8 Koördineer intersinodale netwerke om te besin oor gemeenskaplike uitdagings en behoeftes.

2.5.4.9 Skakel met ander diensgroepe/taakspanne van die Algemene Sinode met die oog die integrering en koördinering van werksaamhede, wanneer nodig.

2.5.4.10 Fokus op spesifieke sake soos besluit deur die Taakspan Vrouelidmate.

3. KOÖRDINERING VAN VROUEBELANGE

3.1 Uit bostaande is dit duidelik dat vrouesake en –belange vanaf een nodale punt gekoördineer behoort te word. Die Taakspan vir Vrouelidmate beskik oor die nodige kundigheid aangesien die span op die hoogte van vrouebeleid en werksaamhede is.

3.2 Die Taakspan sal meer effektief funksioneer indien alle belange en navrae rakende vroue vanaf een punt hanteer word. Die kantoor sal dus inligting rakende relevante sake kan verskaf, rolspelers in verbinding met mekaar bring asook afgevaardigdes na verskillende forums/groepe koördineer.

3.3 Die rol wat vroue in die kerkherenigingsproses speel moet ook nie onderskat word nie. Die NG Kerk-familie het baie sterk vroueorganisasies wat funksioneer. Binne die Afrikakultuur-kerke vorm vroue bykans 70 % van die lidmate. Die kerk werk dus tot 'n groot mate binne 'n vroue-konteks, waar samewerking met ander vrouegroepe baie belangrik is, en navrae en ondersteuning aan vrouegroepe waarskynlik meer gaan word.

3.4 Aangesien die algemene terminologie vir vrouegroepe se kantore "Women's desk" is, sal dit baie verwarring uitskakel, indien die Taakspan as die "vrouelessenaar" bekend kan staan. Binne die Afrika konteks werk ons meestal met engels as voertaal en die "Women's Desk" is aan almal bekend.

3.5 Die idee is nie om 'n nuwe pos vir die "vrouelessenaar" te skep nie, maar om die huidige Taakspan vir Vrouelidmate hiervoor te transformeer.

4. MANDAAT OM DIE NED GEREK KERK TE VERTEENWOORDIG

4.1 Vroue-organisasies figureer steeds sterk in Suidelike Afrika, ten spyte van die feit dat vroue verteenwoordiging op politieke, ekonomiese, maatskaplike en kerklike terrein het. Kerklike en nie-kerklike vroue-organisasies /forums vergader gereeld en vroue vanuit geloofsgemeenskappe (kerke) word ook na hierdie forums en gespreksgroepe uitgenooi.

4.2 Aangesien die Taakspan op hoogte van vroue in die kerk se behoeftes en werksaamhede is, kan die span met gesag namens die vroue in die NG Kerk praat en hulle verteenwoordig. Die lede beskik oor die nodige vaardighede, dra die belange van vrouelidmate op die hart en is in voeling met vroue op grondvlak en in gemeentes.

5. DIVERSITEIT

5.1 Vroue in gemeentes is in talle bedieninge betrokke en dra 'n diversiteit binne waarsonder die kerk baie armer sal wees. Alhoewel die Taakspan vroue wil aanmoedig om op strukture in die gemeente te dien is dit nie altyd vir almal prakties moontlik nie. Elke gemeente behoort voorsiening te maak dat elke lidmaat 'n "ruimte" het waar hy/sy haar gawes in liefdevolle diens kan uitleef. Elke lidmaat is deel van die liggaam van Christus en elkeen se unieke bydrae is vir God kosbaar!!

BESLUIE INSAKE DOOP, KATEGESE EN KINDERNAGMAAL

1. OPDRAG

Die ADGO het aandag aan die volgende opdrag van die Algemene Sinode gegee :

Konsolidering Besluite Doop en Kategese

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AJK om in oorleg met die ARK besluite wat by verskillende Algemene Sinodes rakende doopbediening, doopkategese, kategese en belydenisaflegging geneem is, tot een stel besluite te konsolideer vir opname in 'n verslag aan die volgende Algemene Sinode.

(Hand. Alg. Sinode 2002, bl. 560 pt. 5.4.2.2)

2. AGTERGROND

Na 'n deeglike bestudering van besluite – sover terug as 1962 – het die volgende duidelik geword.

2.1 Daar is 'n hele aantal besluite wat nie meer in lyn is met die bedieningspraktyk wat tans formeel en informeel in die NGK toegepas word nie.

2.2 Ten einde die besluite sinvol te koördineer sonder om kontradiksies en spanning tussen beleid en praktyk tot gevolg te hê, is dit van uiterste belang dat daar duidelikheid bestaan oor die kernbeleid rakend genoemde sake.

2.3 ADGO stel dus voor dat daar eerder gepoog word om *de novo* 'n relevante beleid saam te stel wat alle vorige besluite sou herroep. Dit sal ons in staat stel om met 'n skoon lei 'n vars begin te maak. Dit sou dit ook moontlik maak om eenvoudig en helder aangaande hierdie sake te kommunikeer.

2.4 Uiteraard sal die grondbeginsels van ons tradisie en ekklesiologie (sien verslag aan die sinode) in gedagte gehou word wanneer hierdie beleid bepaal word.

2.5 Die Algemene Sinode word dus versoek om genoemde opdrag te wysig.

KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGERS

1. OPDRAG

[AS 2002, BR 6.6.2; AS 2004, Deel II, p 84, § A.5: 13 en Deel IV, p 368, § A.5: 13.3]

AS 2002, BR 6.6.2: Die Algemene Sinode versoek die AKE om die volgende vergadering van die Algemene Sinode te dien met 'n kort verslag oor die betekenis van 'n kerklike huweliksbevestiging en oor die vereistes wat daar gestel word aan die predikant as kerklike huweliksbevestigter en die toesighoudende funksie van die ampte – indien enige – wanneer 'n huwelik in die kerk/nie in die kerk bevestig word nie. AS 2004, p 368: Die Algemene Sinode verwys die besluit van 2002 na die ADGO vir verdere aandag.

2. INLEIDING

2.1 Die versoek van Algemene Sinode om te besin oor kerklike huweliksbevestiging en die predikant as kerklike huweliksbevestigter en die toesighoudende funksie van die ampte, is 'n groter en breër debat as wat hierdie verslag op die tafel plaas. In hierdie verslag word gepoog om net lyne te trek vir toekomstige debatvoering.

2.2 Die vertrekpunt van hierdie verslag is om die huweliksluiting te vergelyk met die verbondsluiting. Die ooreenkomste wat gesluit word gedurende huweliksluiting toon onder andere dieselfde karaktertrekke as 'n verbondsluiting.

3. WAT IS 'N VERBOND?

3.1 Genesis 17 tot 19 handel oor die verbondsluiting tussen God en Abraham. Wat leer ons hieruit?

3.2 Die verbond verwys na 'n ooreenkoms of '*commitment*' wat tussen twee partye gesluit word. In die praktyk beteken dit dat 'n verbond nie net tussen individue, maar ook tussen nasies en volke gesluit kan word. In die verbond staan die partye teenoor mekaar in 'n bepaalde verhouding – byvoorbeeld: God aan die een kant en Abraham aan die ander kant. Die verbondsooreenkoms (grondgebied, groot nageslag, en Koningskap) word dan gesluit (Genesis:17:78) met die fisiese (wetlike) ooreenkoms daarna. Die besnydenis (Genesis 17:12) is dan die teken van die "fisiese (wetlike) ooreenkoms" wat die volk herinner aan die verbond wat God gesluit het.

3.3 Die ooreenkoms bestaan uit twee dele – die geestelike/emosionele ooreenkoms en die wetlike ooreenkoms waarin daar formeel op sekere sake besluit word.

4. DIE HUWELIK

4.1 DIE HUWELIK AS VERBOND

4.1.1 Die sluiting van die huweliksooreenkoms kan vergelyk word met die sluiting van 'n verbond. In die huweliksluiting kom die huwelikspaar ooreen oor twee sake. Die een deel van die ooreenkoms verwys na die emosionele/geestelike ooreenkoms (ek wil met jou trou, ek is lief vir jou), terwyl die ander na die wetlike of kontraktuele deel (die wetlike deel van die formulier soos deur die staat vereis; die ondertekening van die register; binne gemeenskap of buite gemeenskap trou) verwys.

4.1.2 Die geestelike ooreenkoms spreek die behoefte uit dat man en vrou met mekaar wil saamleef en die wetlike deel beskryf hoe hulle as man en vrou gaan saamleef.

4.2 DIE HUWELIKSVERBOND AS 'N GEESTELIKE OOREENKOMS

4.2.1 Die geestelike ooreenkoms waaroor man en vrou met mekaar ooreenkom, dra baie gewig. Hierdie ooreenkoms kom uit die hart, is vrywillig en daarmee maak man of vrou, die belofte dat hulle alles vir hul huweliksmaat sal gee. Hulle sluit met ander woorde 'n ooreenkoms waarin alles wat hulle is en alles wat hulle het tot beskikking van mekaar te stel.

4.2.2 In 'n huweliksooreenkoms is daar nie net twee partye teenwoordig nie, daar is ook 'n derde party teenwoordig en dit is God. Die ooreenkoms tussen 'n vrou en 'n man word dus gesluit in die teenwoordigheid van 'n derde Persoon wat met sy seën hierdie ooreenkoms bekragtig. Hierdie ooreenkoms is 'n bindende, blywende ooreenkoms wat vra dat elkeen alles in sy vermoë sal doen om die ooreenkoms te eerbiedig en in stand te hou.

4.2.3 So 'n geestelike ooreenkoms of verbond kan beskadig word as die oortuiging by een of albei van die partye ontstaan dat die ooreenkoms nie meer nagekom word nie. Dink hier aan die geskiedenis van Israel en hoeveel keer Israel die ooreenkoms beskadig het, maar die ooreenkoms is nooit gebreek nie. 'n Mens kan soveel voorbeelde aanhaal oor hoe Israel die ooreenkoms beskadig het - die kere wat hulle hul rug op God gedraai en afgode aanbid het maar die ooreenkoms is nie verbreek nie (lees Hosea). God het tog ten spyte van alles die verbondsooreenkoms in stand gehou. 'n Persoon aanbid dalk nie afgode nie, maar sy of haar toewyding om sy of haar huweliksmaat sy/haar volle potensiaal voor God te laat bereik, word nie moontlik gemaak nie – dit is 'n voorbeeld van verbondsverbreking.

4.2.4 'n Laaste opmerking oor die geestelike ooreenkoms wat huweliksmaats sluit. Die feit dat 'n persoon nie iets geteken het om hierdie ooreenkoms te sluit nie, maak nie hierdie ooreenkoms maklik verbreekbaar nie! Inteendeel: "Laat jou ja jou ja wees en jou nee jou nee." (Matteus 5:37).

4.3 DIE HUWELIKSVERBOND AS 'N WETLIKE OOREENKOMS

4.3.1 Huweliksbevestigingsseremonies en die Bybelse en kulturele agtergrond daarvan

4.3.1.1 Die Skrif skryf geen seremonie voor oor hoe 'n egpaar in die huwelik bevestig moet word nie.

Nogtans word die huwelik in die Bybel baie hoog geag en kom talle Bybelse voorskrifte met die oog op die keuse van die huweliksmaat, huwelikslewe en huwelikstrou duidelik voor.

4.3.1.2 Deur die eeue het verskillende volke binne hulle eie kultuurgemeenskappe eie gebruike ontwikkel en huweliksregte, voorregte en verpligtinge gevestig. Dit het dus so ontwikkel dat die huweliksbevestiging geskied kragtens die gewoontereg en privaatreë en gedurende die Reformasie is dit dikwels primêr as 'n burgerlike aangeleentheid beskou. Binne 'n bepaalde land trou gelowiges en ongelowiges en die huwelik wat 'n bepaalde egpaar met mekaar aangegaan het, moet op die wyse wat die reg van die gemeenskap bepaal, erken en bevestig word.

4.3.1.3 In die Christelike Germaanse kultuur is die verlowing publiek bekendgemaak en daar is verwag dat die priester dit sou inseën. Nog later het die priester 'n regshandeling voor die kerk deur verrig en daarna in die kerkgebou die huwelik ingeseën. So is die huweliksluiting al meer verkerklik tot die Roomse Kerk dit met 'n beroep op Efesiërs 5:32 tot 'n sakrament verklaar het.

4.3.1.4 Christene wou nog altyd, en vandag ook, die huwelik op grond van hulle geloof, onder die seën van die Here en sy suiwer verkondigde Woord, in teenwoordigheid van medegelowiges, met mekaar sluit. Hulle wil dus die karakter van hulle huweliksverbond (ooreenkoms) in die dampkring van die gemeenskap van die gelowiges aanvaar en bely. Tog het juis die teenwoordigheid van die gemeente, al dan nie, by die kerklike huweliksplegtigheid 'n probleem geskep.

4.3.2 Verskillende modelle

4.3.2.1 Die vroeë Christelike kerk het aangesluit by die Romeinse reg. By die Germane was die priesterlike inseëning na die huweliksluiting gebruiklik. Soos aangedui het hieruit later die Roomse sakramentele huweliksluiting ontwikkel.

4.3.2.2 Tydens die Reformasie bots die Roomse kerkmodel met die burgerlike huweliksmodel waar die Christelike staat die burgerlike huwelik teenoor die Roomse sakramentele huwelik ontwikkel. Die Christelike owerhede het die beginsels van die Reformasie dus deurgevoer. Vanaf die 18^{de} eeu het die Liberalisme die outonomie van die individu beklemtoon en so mettertyd die huwelik begin sekulariseer en dit word 'n suiwer burgerlike regshandeling.

4.3.2.3 Aan die Kaap het die owerheid tot 1804 bepaal dat huwelike slegs deur regeringsamptenare in Kaapstad bevestig kon word. De Mist se huweliksordonnansie (1804) brei hierdie reg na distrikslanddroste toe uit.

4.3.2.4 Die Engelse bewind vanaf 1806 handhaaf van huis uit dat die Christelike vors aan die volk 'n aartsbiskop voorsien om die volk godsdienstig te versorg (*feodale jus in sacra*). As sodanig funksioneer die kerklike dienaars namens die koning by die huweliksbevestiging.

4.3.2.5 Hierdie patroon het via die Engelse aan die Kaap posgevat. Die staat stel die predikante as huweliksbevestigers aan. Hulle moet sorg dat aan die wetlike vereistes voldoen word. Predikante mag dus tot op datum die huwelik op 'n eie kerklike wyse, behoudens sekere wetlike vereistes, bevestig.

4.3.2.6 Hierdie praktyk in Suid-Afrika verskil nogal wesenlik van die in Nederland waar alle egpare eers hulle huwelik "burgerlik" in die regeringsgebou laat bevestig en gelowiges daarna na die kerk gaan om hulle huwelik te laat inseën.

5. HUWELIKSBEVESTIGING KRAGTENS 'N SKRIFTUURLIKE BASIS IS EN BLY VAN KERKLIKE BELANG

5.1 Die Skrif verbind in die Ou Testament sowel as die Nuwe Testament op verskillende maniere die huwelik met die verbond van God met Sy volk (Jesaja 54; Efesiërs 5:22-33). Die Skrif praat ook duidelik oor die aangaan, duur en ontbinding van die huwelik (Matteus 19; 1 Korintiërs 7).

5.2 Die kerk, as gemeenskap van die gelowiges, het belang by die sluiting van die huwelike van lede van die liggaam van Christus omdat die gemeenskap van die gelowiges ook vir getroudes binne die huwelik "gelyke sorg" dra (1 Korintiërs 12:25). Die kerklike bedienaars (ampte) moet in die prediking, kategeese en pastoraat meewerk om die gelowiges ook op te bou in hulle huweliks- en gesinslewe (Efesiërs 5:11-16).

5.3 Met betrekking tot die huwelik word dus eerder van amptelike begeleiding en toerusting gepraat as dat die huwelik as sodanig onder die toesig van die ampte moet bevestig word. In praktyk het kerkrade vandag minder as in die verlede met die huweliksbevestiging te doen. Die plegtigheid vind meestal plaas tussen die predikant, die egpaar en hulle genooide huweliksgaste.

5.4 Enkele uitgangspunte wat uit bogenoemde afgelei kan word, is:

5.4.1 Die huwelike van gelowiges kom op grond van Bybelse uitgangspunte (onontbindbaarheid, Christelike getrouheid, ensovoorts) binne die dampkring van die gemeenskap van die gelowiges tot stand.

- 5.4.2** Begeleiding en toerusting deur die ampte (bedienaars) tot huweliksluiting en gedurende die huwelik is onvervreembaar deel van die taak van die gemeenskap van die gelowiges.
- 5.4.3** Teen bogenoemde agtergrond is dit noodsaaklik dat die kerklike huweliksbevestiging en voorbereiding gedoen sal word deur 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat die huwelik binne die suiwer Bybelse konteks kan plaas en toelig.
- 5.4.4** 'n Huweliksdiens is nie 'n erediens nie. 'n Erediens is 'n gewone samekoms van die gemeente onder leiding van die ampte. 'n Huweliksdiens is 'n meer spesifieke diens vir familie, vriende, die egpaar en genooide gaste met die oog op die huweliksluiting.
- 5.4.5** Ons het iets oorgehou daarvan dat die predikant op die Anglikaanse biskoppatroon oor die huwelik leer, vermaan en besluit. 'n Meer gereformeerde benadering sou wees dat die leraar as individuele ouderling pastoraal optree by huweliksvoorbereiding, -bevestiging en verdere begeleiding. Die predikant kan tog nie die kerk (gemeente) wees en die gemeente amptelik verteenwoordig nie.
- 5.4.6** In huwelikswetgewing, veral oor egskeiding, neem die staat gewoonlik nie die Skrifgetuienis en kerklike etiese beginsels in ag nie.
- 5.4.7** Die praktyk van huweliksverbrokkeling en hoë egskeidingsyfers verplig gemeentes, leraars en kerkvergaderinge om klem daarop te lê dat Skriftuurlike begeleiding tot en na die huwelik met betrekking tot die huwelik as basis vir die gesin, familie, kerk en samelewing 'n Bybelse eis is wat deel uitmaak van die gemeenskap van die gelowiges se opdrag en taak.

KLEIN GEMEENTES

1. OPDRAG

[AS 2002, BR 8.11; AS 2004, Deel II, p 106, § A.7: 4.2 en Deel IV, p 370, § A.7: 4.2]

AS 2002, BR 8.11: Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die omstandighede, behoeftes en probleme in klein gemeentes en die Sinode met 'n verslag en aanbevelings te dien.

AS 2004, p 370: Die opdrag word herhaal.

2. 'N NOODKREET IN ONS MIDDE

2.1 Volgens Kerkspieël 2004 is 27,4% (325) van alle gemeentes in die NG Kerk klein plattelandse gemeentes. In die VGK is die persentasie heel moontlik baie groter.

2.2 Hierdie gemeentes beleef dikwels dat hulle in die navorsing oor gemeentes en die breëre bediening van die kerk misgekyk word omdat hulle 'n minderheidsgroep binne die kerk is.

2.3 Ongelukkig is hierdie belewenis nie ver van die waarheid af nie. As gevolg van hulle kontekstuele situasie word hierdie klein gemeentes gekonfronteer met probleme en realiteite wat ryker en groter gemeentes skaars aan dink. Kwynende getalle, finansiële tekorte en groot afstande is besig om baie van hierdie gemeentes 'n krisisbestaan te laat voer.

2.4 Omdat die stryd om oorlewing vir baie van hierdie gemeentes die oorheersende saak op hulle agenda geword het, kan dit nie anders as dat baie van hulle in die proses disfunksionele gemeentes begin word nie. Deel hiervan is dat hierdie gemeentes 'n baie swak selfbeeld het, hulle roeping prysgegee het, hoop vir die toekoms verloor het en beleef dat die kerkverband nie regtig meer omgee wat van hulle word nie.

2.5 Vanuit die klein plattelandse gemeentes in ons kerk gaan daar 'n noodkreet uit na ons kerk. Die geloofwaardigheid van ons getuienis na buite, ons betrokkenheid by die breër Suider-Afrikaanse samelewing en ons poging tot kerkeenheid kom in die gedrang as ons die noodkreet in ons eie midde nie hoor en ernstig opneem nie.

3. VOORGESTELDE WERKSWYSE EN BENADERING

'n Omvattende en indringende navorsingsprojek moet so spoedig doenlik gelanseer word, waarin ten minste die volgende ses terreine prioriteitsaandag sal ontvang, naamlik:

3.1 'N WERKLIKHEIDSGETROUE OMSKRYWING VAN DIE HUIDIGE STAND VAN KLEIN GEMEENTES IN DIE NG KERK

Omvattende empiriese en statistiese navorsing behoort gedoen te word om 'n volledige en betroubare prentjie van die gegewenhede van klein gemeentes in die NG Kerk te kry asook die problematiek daaraan verbonde, sodat nie op blote aannames en geprojekteerde afleidings gewerk word nie. Sodanige ondersoek behoort onder andere in te sluit:

1. Sosiale formasie.
2. Ekonomiese werklikhede.
3. Demografiese tendense en verskuiwings.
4. Teologiese identiteitsoeke (operasionele ekklesiologie van klein gemeentes).
5. Leierskapbelewenisse en -ervarings.
6. Selfverstaan en belewenis binne die kerkverband.

3.2 EKKLESIOLOGIESE VERTREKUNTE BINNE 'N GEREFORMEERDE RAAMWERK

In 'n taal wat vir lidmate verstaanbaar is, moet kort maar duidelike teologiese en ekklesiologiese vertrekpunte daar gestel word wat klein gemeentes kan help om hulle gemeentewees asook hulle roeping binne hulle eie konteks beter te verstaan. Die vertrekpunte moet ook kan dien as maatstawwe waaraan hulle hulleself kan meet en waarvolgens hulle hulle bediening kan inrig.

3.3 IDENTITEITSVORMENDE DINAMIKAS

Saam met die teologiese en ekklesiologiese vertrekpunte wat die klein gemeentes moet help om weer opnuut hulle eie identiteit as kerk van Christus te ontdek, moet hulle ook gehelp word met die ander dinamikas wat 'n rol speel in hulle eie identiteitsvorming. Dit sluit onder meer in:

1. Beïnvloedende waardesisteme en operasionele waardes.
2. Gewoontes, gedragspatrone en praktyke van geloofsgemeenskap.
3. Generasies.
4. Ras (Die demografiese veranderinge veroorsaak dat die getalle van klein gemeentes drasties afneem. Die blanke Afrikaners raak minder en die van ander bevolkingsgroepe neem toe. Met die nodige sensitiwiteit maar ook dringendheid sal daar 'n gesprek en besinning aan die gang gesit moet word sodat gemeentes anders kan begin dink oor ras en lidmaatskap.)

3.4 KULTUUR

Elke gemeente ontwikkel met verloop van tyd 'n eie kultuur. Klein gemeentes moet gehelp word om hulle eie kultuur te verstaan en te weet wat die dinge is wat 'n rol gespeel het in hulle bestaande kultuur en hoe hulle 'n nuwe kultuur kan skep. Aandag moet onder andere gegee word aan:

1. Leierskapspatrone.
2. Assosiatiewe verbande.
3. Gemeenskapsinteraksie en -invloede.
4. Konflikpatrone.
5. Die gemeente se eie geskiedenis/ tradisie, verhale en gebruike.
6. Geestelike onderskeidings- en begeleidingsprosesse.

3.5 PROSESSE / BEDIENINGSVOORSTELLE

In die lig en na aanleiding van bogenoemde vier terreine kan dan gewaag word om prosesse en bedieningsvoorstelle op die tafel te sit wat klein gemeentes op 'n konkrete wyse kan help met die unieke aard van hulle eie bedieninge en die uitleef van hulle roeping binne hulle eie konteks.

3.6 VERBAND

Die rol wat die verband kan speel om klein gemeentes te ondersteun, bemagtig en te begelei moet ondersoek en herbesin word. Indien nodig sal daar ook gekyk moet word na kerkordelike aanpassings.

4. BRONNE

Die volgende bronne kan tot hulp wees as die vertrekpunt van so 'n navorsingsprojek vir die verstaan van die funksionering en bediening van klein gemeentes:

Burt, S.E, et al. *Raising small church esteem.*

Farris, L.W. *Dynamics of small town ministry.*

Hassinger, et al. *The rural Church – Learning from three decades of change.*

Pappas, A.G. *Entering the world of the small church.*

Robinson, A.B. *Transforming Congregational Culture.*

South African Christian Handbook.

GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 8

KERKLIKE TUG

1. OPDRAG

1.1 Tydens die 2004 sinode is die volgende opdrag gegee: (sien ook C.12.2:1.14) (Bylae 3)

“Die Sinode gee opdrag aan AKG en ATR om ondersoek te doen na die toepassing van die amptelike tug in die kerk op 'n eietydse wyse, en terug te rapporteer aan die volgende sinodesitting.”

1.2. Weens gebrek aan kapasiteit was dit nie moontlik om die ondersoek tydens die reses af te handel nie. Terselfdertyd is die gevoel dat 'n meer gefundeerde aanbeveling eers moontlik is as die gesprek oor 'n gereformeerde gemeentelike ekklesiologie en identiteit verder gevorder is.

GEMEENTE-ONTWIKKELING BYLAAG 9

INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

1. OPDRAG

[AS 2002, BR 8.8; AS 2004, Deel II, p 106, § A.7: 4.1 en Deel IV, p 370, § A.7: 4.6]. Die opdrag word herhaal: (1) Die Algemene Sinode verwys die hele saak van “Inskakeling oor Gemeentegrense” en “Kerklidmaatskap” ook na ADGO (sameroeper) en ADO: Taakspan Regte vir deeglike studie oor die implikasies daarvan – veral ten opsigte van die kerkbegrip ter sprake – met verslag aan die volgende Algemene Sinode. (2) Vanweë die implikasie van hierdie besluit van die Sinode in die lig van Art. 10 van die Kerkorde (1998) en die NGB art. 16, word die hele verslag van die ad hoc-kommissie vir Kerklidmaatskap (AS 2002, p 306-311, § 2.6) na die ADO: Taakspan Regte verwys om opnuut te kyk na al die aanbevelings. (3) Die bewoording in die laaste paragraaf van 3.2.2.2 word vervang met: (a) Kerkrade wat 'n lidmaat van buite die gemeentegrense ontvang, gee daarvan kennis aan die kerkraad van die gemeente waar die lidmaat woon. Dieselfde bewoording geld ook wat 3.2.2.3 betref. (b) Die Taakspan Regte kry opdrag om die riglyne te integreer en in die Kerkorde op te neem in plek van die huidige beleidsbesluit 14.

2. INLEIDING

Die saak waarom dit gaan, is binne die teologie nie onbekend nie. Wat dit op die oomblik baie moeilik maak, is die paradigmaterskuiwing waardeur die hele wêreld gaan en wat in die kerk uiters sensitief is omdat dit so diep in ons almal se verstaan van ons geloof ingryp. Ons het ten diepste met 'n skuif in hoe ons die Skrif interpreteer te doen.

3. INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

3.1 Die wydste moontlike raamwerk waarbinne mens die saak onder bespreking behoort te plaas is die belydenis dat Jesus die Here is. Dit is die kern van kerklidmaatskap. Naas dit kan mens die Algemene Belydenisskrifte, soos die 12 Artikels, noem as 'n verdere uitkristallisering van wat ons glo. In die mate wat kerke (denominasies) leerstelling en andersins van mekaar verskil, vorm hulle verskillende gemeentes. Die gemeentes se lidmate kom bymekaar oor geografiese gemeentegrense heen. Dit is nog die een kerk van Jesus Christus, maar hulle kom oor gemeentelike/geografiese grense heen bymekaar. Dit is verskille in belydenis, leer, taal, ensovoorts wat maak dat daar verskillende gemeentes gevorm word.

3.2 Geografiese gemeentegrense het 'n historiese ontwikkelingsgeskiedenis wat saamhang met die kerk van die Christendom-era wat na Konstantyn die Christelike geloof tot staatsgodsdienst verhef het. Die kerk het by baie aspekte van die Romeinse Ryk se administratiewe of institusionele instellings aansluiting gevind. Kerkgrense het saamgehang met nasionale en plaaslike administratiewe grense. Gewoontes word oor tyd gewoonlik heilig verklaar. Dit het ook met die stelsel van geografiese grense gebeur. Vir eeue was dit nie 'n probleem nie, want dit het goed gewerk binne 'n bepaalde kultuurpatroon.

Daar is ook aanduidings dat gemeentegrense goed gewerk het in kerke se *pioniersfases* en waar daar met relatiewe homogene groepe gewerk is. Wanneer dit verander raak gemeentegrense al meer problematies.

3.3 Tans beweeg ons in 'n nuwe kultuur-era in wat bekend is as die informasie-era. Dit is besig om die totale wêreld en feitlik elke aspek van sy kultuur te verander. Sien weereens die trilogie van Manuel Castells in die verband (Sien einde van die paragraaf). Ons leef nou in 'n wêreld waarin tyd en plek deur 'n al groter deel van die wêreld anders beleef word ('n virtuele wêreld met “timeless time”). Gesag en mag skuif van “fisiese mag” na “inligting mag”. Die wyse waarop mense assosieer en kommunikeer is besig om heeltemal anders as in die industrialisasie-era en die eras voor dit ontwikkel. Voeg daarby die invloed wat individualisme en 'n verbruikersmentaliteit op ons samelewing het. 'n Mens kan nie anders as om te besef dat alles aan die verander is nie. Diversiteit en pluralisme is 'n groter werklikheid binne een geografiese area as ooit te Yore. [Die trilogie van Manuel Castells: Castells, M. 1996. *The rise of the Network Society: The information age: economy, society and culture, Volume I*. Oxford: Blackwell; Castells, M. 2003. *The*

power of identity. The information age: economy, society and culture, Volume II. 2nd ed. Oxford: Blackwell; Castells, M. 2000. End of Millennium. The information age: economy, society and culture, Volume III. 2nd Ed. Oxford: Blackwell.]

3.4 Dit is die konteks waarin ons inskakeling in gemeentes oor geografiese gemeentegrense heen moet verstaan. Die eenheid en verskeidenheid van die kerk was altyd daar en sal altyd daar wees, maar die permutasies van hoe dit ontstaan en daar uitsien en hoe dit hanteer sal moet word, is binne ons konteks teen 'n onbehoorlike tempo aan die verander. Negatief gesproke kan mens konstateer dat om te volhard met geografiese gemeentes en om dit te probeer afdwing, kontraproduktief sal wees. Die kerk het oor die eeue heen nog altyd wat sy strukture en organisasie betref, gereformeer en aangepas in nuwe omstandighede. Die dinosourusse het uitgesterf.

3.5 Ons beleef nou so 'n uitdagende tyd. Gereformeerdes weet dat hulle positief die uitdagings as geleentheid moet aangryp en in die troebel van 'n oorgangstyd die spannings en pyne met liefde en geduld moet hanteer terwyl hulle soek na werkbare wyses om binne prinsipiële riglyne die gemeenskap van gelowiges in gemeentes te laat saamkom.

AANTREKLIKE BEDIENINGSTYLE VAN ANDER KERKE

1. OPDRAG EN WERKSWYSE

[AS 2004, Deel II, p 103-104, § A.7: 2.3 en Deel IV, p 369, § A.7: 2.3.4]. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeente-en-Bedieninge om ondersoek in te stel na die verskynsel wat in gemeenskappe voorkom dat lidmate van NG-gemeentes bedieningstyle in ander kerke aantreklik vind. Die volgende uitkomst moet verreken word:

- (1) Die fenomenologie agter die verskynsel.
- (2) Hoe moet gemeentes daarop reageer?
- (3) Watter behoeftes van lidmate moet erken word?
- (4) Wat kan die NG Kerk doen om self hierdie behoeftes aan te spreek?

Weens gebrek aan kapasiteit is prof Jurgens Hendriks van die Departement Praktiese Teologie aan die US gevra om 'n kort verslag in die verband op te stel.

2. INLEIDING

2.1 Die vraag word redelik oorsigtelik behandel met verwysing na sleutelbronne waar die saak in veel meer detail behandel word. In die Praktiese Teologie is dit een van die mees bekende verskynsels wat in detail bestudeer en beskryf is.

2.2 Kom ons sê die basiese probleem is dat die NG Kerk se gemeentes (en dit is waar van al die gevestigde denominasies) fisies ervaar dat hulle lidmate aan ander denominasies (in die geval is dit gewoonlik meer "moderne kerke" waar daar meer klem op ervaring is) afstaan of dat lidmate kerklos raak. Die ideaal of doelstelling is om die verskynsel te verstaan en om in terme van ons eie NG Kerk identiteit te reformeer dat bedieningstyle sodanig onder leiding van die Woord en Gees ontwikkel dat lidmate van alle ouderdomsgroepe in die gemeente en kerk 'n geloofs-leeftuimte, 'n basis vir hulle roeping en bediening, bly ondervind.

Die hipotese waarmee ons werk, is dat as die NG Kerk sy *identiteit in die Drie-enige God kan herontdek* deur 'n proses van onderskeiding waarin daar erns gemaak word met die *nood van mens en wêreld*, die proses van reformasie onder roepingsgedrewe leierskap natuurlik sal volg.

3. FENOMENOLOGIESE GEGEWENS

3.1 Navorsing wat die kwyn en groei-patrone van al die kerke in Suid-Afrika uiteensit is redelik volledig gedokumenteer en beskryf in die *South African Christian Handbook 2005-2006* se eerste sewe hoofstukke. Die feit dat die NG Kerk en ander gevestigde kerke hulle markaandeel oor die laaste 20 jaar sistematies aan die verloor is en dat jonger kerke onder jonger leierskap die aandeel "oorneem" is 'n voldoende feit. By die Eenheid vir Godsdienste en Ontwikkelingsnavorsing is talle gevallestudies om dit ook op plaaslike vlak aan te toon. Daar was, byvoorbeeld, 'n analise van die NH Kerk wat aantoon hoe die kerk verklein en verouder. Deur eenvoudig na die ouderdomsverspreiding van lidmate te kyk, kan jy duidelik sien hoe die kerk 'n oumenskerk word. Mens kan ook individuele plaaslike situasies neem en statisties die kerklike migrasie prosesse aantoon. Ons het, aan die ander kant, talle voorbeelde waar NG Kerk-gemeentes onder dinamiese leierskap skuive gemaak het in hulle bedieningspraktyk en -style met gepaardgaande groei. Die kwessie van die opheffing van gemeentegrense tussen NG Kerk-gemeentes, is die mees bekende illustrasie van die verskynsel. Jy sien in talle gevalle dat sekere gemeentes groei en ander kwyn en die migrasie uit die een na die ander gemeente het grotendeels met styl en leierskap(styl) te doen.

4. DIE TEOLOGIESE EN PRAKTIES-TEOLOGIESE VERKLARING

4.1 Die teologiese en prakties-teologiese verklaring van die verskynsel, is algemeen bekend. Die werk van die *Gospel and Our Culture Network* (GOCN) werkgroepe in al die kontinente (dit is alles op die internet beskikbaar) dokumenteer die proses baie volledig.

4.2 Sien die epogmakende en hoogs aangeskrewe trilogie van die sosioloog Manuel Castells om die verskynsel wat die kerk in die vorm van bogenoemde vraagstelling formuleer, te verduidelik. [Die trilogie van Manuel Castells: Castells, M. 1996. *The rise of the Network Society: The information age: economy, society and culture, Volume I*. Oxford: Blackwell; Castells, M. 2003. *The power of identity. The information age: economy, society and culture, Volume II*. 2nd ed. Oxford: Blackwell; Castells, M. 2000. *End of Millennium. The information age: economy, society and culture, Volume III*. 2nd Ed. Oxford: Blackwell.]

4.3 Daar is konsensus dat ons wêreld tans deur 'n baie groot paradigmaterskuiwing beweeg. Wat die kerk betref is dit die grootste skuif sedert die koms van Christus. In Castells se terminologie beweeg ons uit die industrialisasie-era na die inligtings-era waarin die tegnologie en globalisasie die wêreld tot 'n "global village" verander het en waarin informasie in die vorm van die internet- en massakommunikasiemedie tot

die grootste enkele kultuurverandering nog in die bestaan van die wêreld aanleiding gee. Mag (die Duitse Macht) het verskuif van fisiese mag na die mag van inligting (Macht to Mind) en die gevolg is dat die identiteit van mense en gemeenskappe verander. Dit het alles te doen met die vraagstelling op die tafel en kan in groter detail uiteengesit word waar en wanneer nodig. Dit hou, terloops, verband met die gay-debat wat tans in die NG Kerk woed.

5. HOE DIE NG KERK DIT MOET HANTEER

5.1 Daar is geen bloudruk hiervoor nie. Wat wel seker is, is dat dit ons konfronteer met seker die mees opwindende en uitdagende periode van ons bestaan in Afrika. (Sien o.a die volgende bron oor die kerk en transformasieprosesse: Alan Roxburgh se boek: *Crossing the Bridge*. Percept. 2000.) Die belangrikste deel van die transformasieproses is egter nie om die verskynsel en prosesse te verstaan en om die leierskap te hê wat die prosesse kan begelei nie. *Die belangrikste aspek van die hele saak is om weer eens ons identiteit "in Christus" te ontdek.* Mens kan sê om die oer gereformeerde beginsels weer op te neem. Die vraag kan gevra word of ons binne die debat nie soms te veel na gereformeerde verwys nie? Dit mag ontaard in 'n (institusionele) plussie by die evangelie, die strewe om met eie bagasie God se genade te soek. Dit is net as ons by ons nulpunt is van afhanklikheid van God, wat ons werklik ons roeping en God se leiding helder in geloofsgemeenskappe kan hoor.

5.2 Daar is reeds baie gemeentes in die NG Kerk op pad met God in hierdie nuwe wêreld. Dit is nie noodwendig 'n maanskyn en rose pad nie, want die pad word deur die kruis gekenmerk, maar dit maak 'n verskil in die lewens van mense.

GEMEENTEDIENSTENETWERK

1. OPDRAG VAN GDN

1.1 ALGEMENE SINODE 2004

Die Algemene Sinode van 2004 het die volgende drie besluite geneem in verband met die Gemeentedienste Netwerk (GDN):

1.1.1 4.7.3 Stelsels

Die Algemene Sinode neem kennis van die optrede en besluite van die GDN soos vervat in die verslag oor die Gemeentedienste Netwerk en verwys dit na die bosberaad van die diensgroepe vir verdere bespreking, ondersteuning en implementering.

1.1.2 F.2.1/22 Roepingsverklaring

4. Behoeftes van gemeente

4.1 *Dat die ADGB met die steun van die ADL en in oorleg met die moderamina en/of betrokke kommissies of diensgroepe van sinodes dringend aandag gee aan die behoeftes van gemeentes.*

4.2 *Dat die Gemeentedienste-netwerk (GDN) ontwikkel word as 'n netwerk wat hierdie steun kan koördineer.*

4.3 *Dat gemeentes wat nie reeds daarmee besig is nie, aangemoedig word om deur 'n proses van roepingsonderskeiding te gaan. Die wesenlike elemente van so 'n proses is gebed, luister na die Woord en na mekaar, en 'n analise van die nood in die omgewing as 'n aanduiding van hierdie roeping.*

4.4 *Dat die ADGB binne sy opdrag en in samewerking met die moderamina en/of die betrokke sinodale kommissies of diensgroepe wat fokus op gemeentes, ook hieraan aandag gee.*

1.1.3 Roepingsverbintenis

Om 'n gemeentedienste-netwerk te help uitbou van waaruit ons gemeentes prakties gehelp en ondersteun kan word om op konkrete maniere by die genesing van ons lande betrokke te raak.

2. VERLOOP

2.1 BOSBERAAD 2004

By die bosberaad van die diensgroepe in 2004, is GDN ingeskakel by ADGO (die naam het van ADGB na ADGO verander) en het een van die projekte van ADGO geword, met die verslag wat voor die Algemene Sinode 2004 gedien het, as riglyn.

2.2 UITKOMSTE 2005

Met 'n borgskap van Bybel-Media, kon tyd van dr Chris van Wyk uitgekoop word by sy gemeente Somerstrand om GDN se kantoorfunksie en oproepsentrum te vestig. Die belangrikste uitkomst van 2005 was as volg (detail in verskeie verslae aan ADGO en GDN – op navraag beskikbaar):

2.2.1 Vestiging van 'n kantoor (tel 0415836438)

2.2.2 **Publikasie van 3 uitgawes van die gratis tydskrif *Kruisgewys* aan alle NG Kerk en VG Kerk (Kaapland) predikante**

2.2.3 2 forums vir die 19 lede van die netwerk

2.2.4 Vestiging van 'n webtuiste (www.gemeentes.co.za)

2.2.5 Navorsing, ontwerp en begeleiding van 'n publikasieprogram vir die *Seisoen van Luister*

2.2.6 Begeleiding van gemeentes rondom roepingsvernuwing deur fasiliteerders in die netwerk

2.2.7 Opstel van 'n reglement

2.3 SKAKELING MET TAAKGROEP MEDIA EN KOMMUNIKASIE (TKM)

Op 18 November 2005 neem die Taakgroep Media en Kommunikasie verreikende besluite oor GDN. Die subsidiëring van *Kruisgewys* word teruggetrek. Na onderhandelinge, onder andere via die Moderatuur van die Algemene Sinode, kon die derde *Kruisgewys*, wat reeds persklaar was, wel later die lig sien in Februarie 2006, maar alle verdere uitgawes van *Kruisgewys* is gestaak. Dit het die kommunikasie van GDN met die predikante van die NG Kerk en die VG Kerk Kaapland ernstig gestrem.

2.4 UITKOMSTE 2006

Die borgskap van Bybel-Media aan GDN, via ADGO, kon vir nog een jaar verleng word en die dienste van dr Chris van Wyk vir nog 'n jaar by sy gemeente uitgekoop word. Die belangrikste uitkomst van 2006 was as volg (detail in verskeie verslae aan ADGO en GDN – op navraag beskikbaar):

2.4.1 Bedryf van die kantoor

2.4.2 Meningsopname rondom die voortbestaan van *Kruisgewys*

GDN het in onderhandelinge met ADGO, TKM en ADD gegaan oor die voortbestaan van *Kruisgewys*. Daar is ooreengekom dat 'n meningsopname deur Kerkspieël gedoen moet word, voordat na verdere uitgawes gekyk kon word. Dié opname in die eerste kwartaal 2006, het die volgende resultate gelewer (volledige meningsopname op die webtuiste http://www.gemeentes.co.za/Pdf/Kruisgewys_meningsopname.pdf):

2.4.2.1 *Kruisgewys* word graag gelees

2.4.2.2 *Kruisgewys* help predikante in hulle bediening

2.4.2.3 Kruisgewys dien as motivering van predikante om boeke en aanbiede te bestel

2.4.2.4 Kruisgewys word in sy huidige kwartaalike formaat verkies bo 'n webgebaseerde formaat

2.4.2.5 Predikante is bereid om vir Kruisgewys in sy huidige gedaante te betaal

2.4.2.6 Kruisgewys het 'n bestaansreg

Onderhandelinge is by die skryf van dié verslag amper gefinaliseer om Kruisgewys weer uit te gee. Detail sal teen die tyd wat die Algemene Sinode 2007 gehou word, bekend wees.

2.4.3 2 Forums vir die lede van die netwerk

2.4.4 Uitbou van die webtuiste veral met die oog op die Seisoen van Luister

Die artikels van Kruisgewys (vorige jare se uitgawes is ook daar geplaas) word gereeld gelees (gemiddeld 33 per dag). Die Seisoen van Luister Powerpoints- en Word-hulpmiddels word ook baie afgelaai (gemiddeld 30 per dag). Onlangs was daar ook 'n versoek om materiaal wat in die kerkherenigingsproses gebruik kan word, daar te laai, en dit word ook baie gebruik. Gemiddeld 642 unieke besoekers per maand het in 2006 die webtuiste besoek, teenoor gemiddeld 315 unieke besoekers per maand in 2005.

2.4.5 Begeleiding van die publikasieprogram vir die Seisoen van Luister

Die uitkomst van dié omvangryke program was as volg:

2.4.5.1 God praat – leef luisterryk – vir groepe en vir begeleiers: Gespreksboekie aan die hand van die luistersiklus vir groepe met 'n begeleiersgids wat eers in 100 gemeentes getoets is, voor dit gepubliseer is. Die volgende produkte verskyn in die eerste deel van 2007:

2.4.5.2 God praat – leef luisterryk – vir vergaderings: Luistersiklus vir vergaderings

2.4.5.3 God praat – leef luisterryk – vir stiltetyd: Luistersiklus vir stiltetyd aan die hand van die evangelie van Johannes

2.4.5.4 God praat – leef luisterryk – vir families: Luistersiklus vir families aan die hand van 40 Bybelkarakters

2.4.5.5 God praat – leef luisterryk – vir gesprek oor sensitiewe onderwerpe: Luistersiklus vir groepe wat oor 14 sensitiewe onderwerpe wil gesels

2.4.5.6 Die moed om (jouself) te wees – luistersiklus vir gesprek oor waardes aan die hand van die verhaal van Marta en Maria.

Daar is nóg produkte wat in die loop van 2007 sal verskyn. Detail volg mettertyd.

2.4.6 Begeleiding van gemeentes deur fasiliteerders

2.4.7 Inskakeling van GDN by Koördineringsliggaam van die Moderamen

Die uiteinde van verskeie gesprekke tussen GDN, ADGO, TKM en ADD was die volgende:

2.4.7.1 'n Formele Koördineringsliggaam is geskep wat bestaan uit al die dagbesture van die diensgroepe van die Algemene Sinode: ADGO, ADD, ASM en Steundienste. Hulle sal jaarliks vergader om die bedieninge en prosesse binne die hele sisteem van die Algemene Sinode te koördineer, integreer, evalueer en implementeer in terme van die roepingsverklaring.

2.4.7.2 GDN is as taakspan van dié ligaam hersaamgestel. GDN kry nou ook opdragte van dié ligaam om sake wat uit dié vergadering voortspruit, te netwerk. GDN staan dus onder gesag van die Koördineringsliggaam in die uitvoering van Kerkorde artikel 43.2.2 ("die behartiging van sake waar eenvormigheid en/of samewerking vir die hele kerkverband noodsaaklik is").

2.4.7.3 GDN sal in die toekoms veral fokus op Forums en Produktontwikkeling. Om dit te doen, bring GDN intersinodaal mense bymekaar wat werk in gemeentes. Al die instansies wat dienste lewer aan gemeentes, insluitende sinodes, die diensgroepe van die Algemene Sinode, buro's vir voortgesette teologiese opleiding en ander instansies wat met gemeentes werk, sal dus deel vorm van GDN. GDN se oorhoofse opdrag is om te bemagtig (Fasilitering), navorsing te doen (Navorsing) en produkte te ontwikkel (Bronne).

2.4.7.4 Kruisgewys moet die inligtingsblad van GDN bly en die befondsing daarvan is vir 2007 na die begrotingsproses verwys.

3. DIE PAD VORENTOE

GDN sal in die toekoms as 'n taakspan van die nuwe Koördineringsliggaam met forums en produktontwikkeling as spesifieke fokus funksioneer. Die kantoorfunksie skuif na die Algemene Sinodale kantoor. Vir 'n oorgangstydperk sal die webtuiste nog deur die skriba behartig word. Hy sal ook as redakteur bly optree vir Kruisgewys, wanneer dit weer verskyn. Ons hoop om op hierdie manier 'n bydrae te lewer om sinodale en ander dienste aan gemeentes te koördineer sodat gemeentes op die manier beter bemagtig kan word.